# HOOFSTUK 6

## *'N OORSIG VAN DIE PLAASLIKE BESTUURSTELSEL IN VEREENIGING*

## 6.1 BREë ONTWIKKELINGSFASES IN DIE PLAASLIKE BESTUURSGESKIEDENIS

Die stelsel waarop die plaaslike besture in die ZAR hanteer is, is na die proklamasie van Vereeniging op 29 Junie 1892 ook op hierdie nuwe dorp van toepassing gemaak. Die fases waarin die plaaslike bestuur in Vereeniging ontwikkel het, word vervolgens beskryf.

### *6.1.1 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE RESIDENT-VREDEREGTER, 1892-1900*

Die snelle vermeerdering van die bevolking rondom die steenkoolmyn het veroorsaak dat die regering uit verskeie oorde versoek is om toe te sien dat wet en orde in hierdie steenkoolmynwerkersgemeenskap gehandhaaf word.

S.J. Strydom het op 30 Oktober 1891 die regering namens die gemeenskap versoek om 'n resident-vrederegter in Vereeniging aan te stel. J.S. Hoffman, die plaaslike belastinggaarder wat op daardie stadium £200 per jaar verdien het, is vir hierdie pos aanbeveel.[1] Hierdie versoek is soos volg gemotiveer: De Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging was al vir 'n geruime tyd naby Viljoensdrift met mynbedrywighede besig; daar is reeds met die aanlê van 'n spoorlyn vanaf Bloemfontein begin; die brug oor die Vaalrivier was in aanbou; 'n paar winkels en 'n hotel is reeds in die ontwikkelende dorpsgebied opgerig; die dorpsbeplanning en onderhandeling vir regeringsgoedkeuring daarvan was ook op dreef. Hierdie ontwikkeling het veroorsaak dat baie mense, blankes en swart mense, hulle in Vereeniging en omgewing gevestig het of Vereeniging besoek het. Die aanstelling van 'n resident-vrederegter was volgens hierdie versoek geregverdig, omrede dit noodsaaklik was om 'n vorm van plaaslike bestuur in hierdie gemeenskap te vestig.[2]

'n Tweede versoekskrif is vanuit die Potchefstroomse distrik aan die regering gerig, waarin J.S. Hoffman ook vir die amp van resident-vrederegter aanbeveel is. In hierdie versoekskrif

---

1 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892***, p.36.

2 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: brief S.J. Strijdom aan ZAR, 30 Oktober 1891.



**Foto no. 2:** **Die Mynkantoor**

Bron: Vaal Teknorama (Kultuur en Nywerheidsmuseum), Vereeniging.

is daar gunstig oor Hoffman getuig: "Zal zij zonder twijvel, indien de Hoog Edele Regering moeht goedgevinden hem aan te stellen, blijken te zijn: de rechte man in de rechte plaats."[3]

Hierdie versoek het ook deur middel van voorbeelde geïllustreer waarom die aanstelling van 'n resident-vrederegter noodsaaklik was. Daar het byvoorbeeld 'n dinamietontploffing in Vereeniging plaasgevind waarin mense dood is. Daar was geen persoon met regsbevoegdheid om hierdie saak te ondersoek en regstappe te neem nie. In 'n ander geval is die lyk van 'n swart man, wat waarskynlik verdrink het, langs die rivier gevind. Hierdie saak kon ook nie deur 'n bevoegde persoon ondersoek word nie. Verdere voorbeelde, soos gevalle van moord, dronkenskap en diefstal, is genoem wat nie die nodige aandag van die owerheid gekry het nie. In hierdie versoek is dit duidelik gestel dat afgesien van die bogenoemde voorbeelde, die toeloop van mense na die nuwe dorp en die omgewing, die aanstelling van 'n resident-vrederegter genoodsaak het.[4]

De Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging het insgelyks 'n versoek tot die regering gerig om wet en orde oor hierdie gemeenskap toe te pas. In hierdie versoek is gemeld dat daar alreeds tussen 200-300 erwe in die dorpsgebied verkoop is en bouwerk op sommige erwe alreeds begin het. Die mynmaatskappy het inderdaad meer ontwikkeling in die dorpsgebied verwag. Dit was vir die mynmaatskappy noodsaaklik dat die nuwe dorp 'n ordelike toekoms tegemoet moes gaan. Die mynmaatskappy was ook van mening dat vanweë die groot afstande na Heidelberg en Potchefstroom, waar administratiewe- en regsake afgehandel moes word, die aanstelling van 'n resident-vrederegter in Vereeniging noodsaaklik was. 'n Resident-vrederegter kon al die bogenoemde probleme hanteer.

In hierdie versoek van die mynmaatskappy is J.S. Hoffman ook vir die amp van resident-vrederegter aanbeveel. 'n Voorgestelde, en waarskynlik bykomende, salaris van £100 sterling per jaar is vir die belastinggaarder cum resident-vrederegter aanbeveel. Die maatskappy het in hulle versoek onderneem om, indien nodig, die salaris van die resident-vrederegter te betaal.[5]

Die Volksraad het op 2 Junie 1892 hierdie herhaalde versoeke bespreek en 'n resident-vrederegterspos vir Vereeniging goedgekeur. 'n Salaris van £150 per jaar is vir hierdie pos vasgestel. Die Volksraad het ook besluit om twee blanke asook twee swart konstabels, met

---

3 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: brief uit distrik Potchefstroom aan ZAR, 30 Oktober 1891.

4 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: brief uit distrik Potchefstroom aan ZAR, 30 Oktober 1891.

5 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: brief van die mynmaatskappy aan ZAR, 11 Mei 1892.

'n jaarlikse salaris van onderskeidelik £60 en £36, aan te stel. Hierdie konstabels moes die resident-vrederegter in die uitvoering van sy amp behulpsaam wees.[6]

Bogenoemde besluit het tot die aanstelling van J.S. Hoffman, in die bykomende amp van resident-vrederegter, gelei.[7] Hoffman het op 7 Julie 1892 sy ampseed voor W.S. Smith, die mynkommissaris van die mynkamp in Johannesburg, afgelê.[8]

Dit was baie gou duidelik dat Hoffman nie die addisionele verpligtinge wat op sy skouers geplaas is, kon hanteer nie. Hy het op 21 September 1892 die Staatsprokureur om hulp genader, omdat hy nie sy menigvuldige pligte kon uitvoer nie. Gedurende een maand moes hy byvoorbeeld 144 hofsake hanteer. Ene Van Dyk, 'n werknemer van die mynmaatskappy, het hom met die toenemende getal hofsake gehelp. Hoffman het gemeld dat hy ook nog al die administratiewe sake in die resident-vrederegterskantoor en toesig oor die tronk moes behartig. In die lig van hierdie werksomstandighede het hy die regering versoek om 'n sipier vir die tronk en Van Dyk as sy klerk aan te stel.[9]

Ten spyte van die addisionele hulp wat Hoffman in die vorm van die konstabels en 'n klerk gehad het, het hy die regering gedurende Desember 1892 in kennis gestel dat hy uit die resident-vrederegtersamp wil tree. Hy het vir J.S.N. Hugo in sy plek aanbeveel.[10] Hoffman se bedanking is aanvaar op voorwaarde dat hy 'n volledige inventaris van die resident-vrederegterskantoor moes opgestel wat saam met sy ontslagbrief aan die regering voorgelê moes word.[11] Mnr. Hoffman het hierna net as die belastinggaarder vir die invordering van invoerregte by Viljoensdrift opgetree.[12]

---

6 TAB, Pretoria, EVR, band 9: notule van die Eerste Volksraad, artikel 692, 8 Julie 1892.

7 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: telegram aan J.S. Hoffman, 4 Julie 1892.

8 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: ampseed van J.S. Hoffman, 7 Julie 1892.

9 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: brief van Hoffman aan Staatsprokureur, 21 September 1892.

10 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: bedankingsbrief van Hoffman aan ZAR, 13 Desember 1892.

11 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: kennisgewing aan die Landdros van Heidelberg, 20 Desember 1892.

12 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892***, p.36; TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1893***, p.146; TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1894***, p.172.

Die bogenoemde vakante resident-vrederegterspos is op 17 Desember 1892 met die aanstelling van J.S.N. Hugo gevul.[13] Die **Staatsalmanak** van 1892 het nie hierdie aanstelling vermeld nie.[14] Tabel no. 6.1 toon die uitgawes wat wel vir die landdrossetel te Heidelberg en die resident-vrederegterssetel te Vereeniging in die ZAR-begroting vir die tydperk 1 Januarie - 31 Desember 1892 begroot is:[15]


**Tabel no. 6.1: Uitgawes Heidelbergdistrik**

| **BEGROTINGSITEM** | **BEDRAG (£.s.d)** | |
|---|---|---|
| | *1892* | *1893* |
| | £. s.d | £. s.d |
| Landdros | 500.0.0 | 512.0.0 |
| 1ste Klerk en Publieke Aanklaer | 250.0.0 | 262.0.0 |
| 2de Klerk | 175.0.0 | 175.0.0 |
| Geregsbode | 45.0.0 | 45.0.0 |
| Waterfiskaal | 30.0.0 | 30.0.0 |
| Markmeester | 20.0.0 | 20.0.0 |
| Sekretaris van Drankkommissie | | 6.0.0 |
| Drie veldkornette @ £150 elk | 450.0.0 | |
| Vier veldkornette | | 650.0.0 |
| Drie assistent-veldkornette @ £100 elk | 300.0.0 | 300.0.0 |
| TOTAAL | 1 770.0.0 | 2 001.0.0 |
| ***RESIDENT-VREDEREGTERSSETEL, VEREENIGING, SEDERT 1 SEPTEMBER 1882*** | | |
| **BEGROTINGSITEM** | **BEDRAG (£.s.d)** | |
| | £. s.d | £. s.d |
| Resident-vrederegter @ £150 per jaar | 50.0.0 | 200.0.0 |
| Een blanke konstabel @ £60 per jaar | 20.0.0 | |
| Twee swart konstabels @ £36 elk per jaar | 24.0.0 | |
| Seëluitdeler vanaf 1 Maart 1893 @ £20 | 16.13.4 | |
| TOTAAL | 94.0.0 | 216.13.4 |

13 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13965/91, deel 1: kennisgewing aan die Landdros van Heidelberg, 20 Desember 1892.

14 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892***, pp.169,170.

15 TAB, Pretoria, ZAR, ***Staatskoerant***, {byvoegsel}, vol. 12, no. 614, 7 September 1892, p.16.




**Kaart no. 6.1:** **Heiningkwessie**

Bron: Union of South Africa, ***Transvaal and Orange Free State: Vereeniging, sheet G-35*** (Pretoria, Government Printer, n.d.).

J.S.N. Hugo het die resident-vrederegtersamp tot 1899 beklee. Hugo het sy taak baie ernstig opgeneem en het die wet streng toegepas. Gedurende Januarie 1893 het hy gepoog om 'n tronk, sipierswoning en kantoor vir die resident-vrederegter te laat oprig.[16] Sy motivering vir hierdie versoek was dat die bestaande geboue wat die staat vir £18 per maand gehuur het, nie doelmatig was nie. Die beraamde boukoste vir hierdie projek sou volgens Hugo sowat £400 beloop. Die staat het egter sy versoek vir nuwe geboue afgekeur en slegs die bestaande geboue verbeter.[17]

Ten spyte van hierdie probleem met ondoelmatige geboue het die jurisdiksiegebied waaroor die Resident-vrederegter van Vereeniging seggenskap gehad het, eweneens die uitvoering van sy taak bemoeilik. Hugo se jurisdiksiegebied was net tot die dorpsgronde beperk. Dit het nie die grondgebied van die steenkoolmyn, die steenwerke en die stasie, waar die meeste oortredings voorgekom het, ingesluit nie. Hugo se besware teen hierdie toedrag van sake is deur J.G. Meyer, die veldkornet vir wyk Kliprivier, geopponeer omdat die gebied buite die dorpsgronde onder sy beheer was. Die jurisdiksiegebied van die resident-vrederegter is eers met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog uitgebrei soos wat Hugo dit wou gehad het.[18]

Hugo het as resident-vrederegter 'n verskeidenheid take gehad om te vervul. 'n Oorsig van sy doen en late sal die verskeidenheid van take wat hy moes nakom, asook die styl waarin hy sy dagtaak volvoer het, illustreer.

Hy was in 1893 in 'n geskil met die mynowerheid betrokke. Dit het oor die oprigting van 'n draadheining gehandel. Hierdie heining het die tolhek, wat die invoerregte by Viljoensdrift beheer het, asook die pad wat die tolhek en die dorpsgebied verbind het, afgekamp. Hoewel hierdie maatreël vrye verkeer aan bande gelê het, was dit waarskynlik daarop gemik om 'n doeltreffender toegangsbeheerstelsel na die dorp te verkry en sodoende ongewenste persone beter te kontroleer. Sammy Marks het hierdie optrede van Hugo by die Departement van Publieke Werke verkla. Volgens Marks was Hugo se optrede nie geregverdig nie omdat hy nie alle betrokke partye (die mynbestuur) vooraf in hierdie saak geken het nie. Hugo is deur Marks aangeraai om hierdie werksaamhede te staak en om eers die terrein saam met die

16 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.9.

17 TAB, Pretoria, SS, band 3580: brief van Hugo aan Departement van Publieke Werke, 2 Januarie 1893.

18 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1895***, p.60; H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., pp.9,10.

mynowerheid te besoek sodat 'n gesamentlike besluit oor hierdie heining geneem kon word.[19]

In opvolging van hierdie beswaar het Hugo die tolhek by Viljoensdrift besoek, met die doel om 'n meer geskikte plek vir die tolhek te vind. Hy het die mynowerheid ook oor die gebruik van die reeds geproklameerde pad ingelig wat steeds sonder enige beperkings vir die mynverkeer beskikbaar was. Hugo was van mening dat sy maatreël doeltreffender optrede teen wetsoortreders moontlik gemaak het.[20]

'n Volgende voorbeeld van die take wat Hugo moes vervul is die regsake wat hy hanteer het. Hieruit kan ook 'n beeld oor die aard van die tipe misdade wat in hierdie vestigingsfase gepleeg is, gevorm word. In die meeste gevalle het die skuldiges 'n boete betaal waarna hulle ontslaan is. Tabel no. 6.2 gee 'n aanduiding van die sake wat Hugo gedurende Julie 1894 verhoor het.[21]

Die verhouding van die getal prisoniers in Vereeniging se tronk met die getal verhore wat maandeliks plaasgevind het, staaf die feit dat die meeste skuldiges na betaling van 'n afkoopboete vrygelaat is. Tabel no. 6.2 en no. 6.3 toon ook dat die meeste oortredings nie van 'n ernstige aard was nie. Tabel no. 6.3 toon ook die aantal gevangenis wat aangehou is:[22]

---

19 Vgl. kaart no. 6.1, p.133(a); TAB, Pretoria, Publieke Werke (PW), band 11, verw. MR 420/94: letter from S. Marks, 12 January 1894.

20 TAB, Pretoria, PW, band 11, verw. MR 420/94: letter from S. Marks, 12 January 1894.

21 TAB, Pretoria, Staatsprokureur (SP), band 50: Staatsprokureur notules, verslag van J.S.N. Hugo, 17 Augustus 1894.

22 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892***, pp.193-195; TAB, Pretoria, ZAR, band 177: ***Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1896***, pp.275-278.

**Tabel no. 6.2: Sake deur Hugo verhoor, Julie 1894**

| Saakno. | Vervolger | Misdaad | Verhoor-datum | Uitspraak | Vonnis |
|---|---|---|---|---|---|
| 144 | Polisie | pas | 4de | Skuldig | £1 of 3 dae |
| 145 | Polisie | pas | 6de | Skuldig | £1 of 3 dae |
| 146 | Polisie | dronk | 9de | Skuldig | 5/- of 2 dae |
| 147 | Polisie | pas | 11de | Skuldig | £1 of 3 dae |
| 148 | Resident-vrederegter | dros | 12de | Skuldig | waarskuwing |
| 149 | Polisie | pas | 19de | Skuldig | 10/- of 2 dae |
| 150 | Polisie | pas | 25ste | Skuldig | £1 of 1 week |
| 151 | Polisie | pas | 26ste | onskuldig | ontslaan |
| 152 | Polisie | pas | 27ste | Skuldig | 10/- of 2 dae |

**Tabel no. 6.3: Prisoniers in Vereeniging se tronk, 1892-1895**

| Datum | Moord/ manslag | Diefstal/ bedrog | Dronken-skap | Ander | Ontsnap | weer ge-arresteer |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1/10/92 | | | 1 | 2 | | |
| 1/10/93 | | | | 5 | 15 | 3 |
| 1/1/94 | | 9 | 3 | 10 | | |
| 1/1/95 | 1 | 7 | | 6 | 21 | |

Nog 'n voorbeeld van Hugo se verpligtinge kan genoem word. Hy was ook verplig om voorkomingsmaatreëls teen die uitbreek van aansteeklike siektes te tref. Vir hierdie doel het hy byvoorbeeld in 1893 verskeie versoeke aan die Staatsekretaris gerig, waarin hy voorrade entstof teen pokke aangevra het. Op daardie stadium is reeds 40 gevalle van hierdie gevreesde siekte in Vereeniging aangemeld. Baie mense moes met die entstof geënt word om pokkies te voorkom.[23] Hugo het die entstof na ontvangs aan die verantwoordelike persoon, soos die veldkornet, oorhandig.[24] Gedurende 1897 is J.S. Hoffman en P.G. Booysen op die Pokkekomitee van die wyk Kliprivier verkies. Hulle moes in oorleg met Hugo toesien dat alle pokke-regulasies uitgevoer word.[25]

---

23 TAB, Pretoria, SS, verw. R 15000/93, deel 1: telegram, 24 November 1893.

24 TAB, Pretoria, SS, verw. R 13638/93, deel 1: brief van Hugo, 23 Oktober 1893.

25 TAB, Pretoria, SS, dokument R 6766: brief van Veldkornet te Elandsfontein, 8 Februarie 1897.

Alhoewel Hugo op talle terreine in die gemeenskap van Vereeniging diens gelewer het, was sy optrede nie altyd kritiekloos nie. Die wyse waarop hy gedurende 1896 die swart mense se inenting teen pokke hanteer het, is teengestaan. Alle swart mense wat die ZAR vanaf die Oranje Vrystaat binnegekom het moes by Viljoensdrift ingeënt word. Hierdie voorkomingsmaatreël het veroorsaak dat die swart mense gekla het dat hulle te lank in Vereeniging opgehou is. Hierdie oponthoud is waarskynlik deur die Spoorwegmaatskappy veroorsaak en nie deur die persone wat vir die inenting verantwoordelik was nie. Daar is ook van party swart mense te veel geld vir die uitreiking van 'n pokkesertifikaat, ingevorder.

Dié kritiek het veroorsaak dat die Landdros van Heidelberg besluit het dat die Belastinggaarder van Vereeniging die inenting van mense moes beheer. Hugo het beswaar teen hierdie reëling gemaak. Hy was ook van mening dat die inenting en die beheer van entstof deur 'n gekwalifiseerde persoon gedoen moes word. Dit was volgens hom onreëlmatig dat 'n gewone staatsamptenaar die werk van 'n professionele persoon moes doen.

Die Landdros van Heidelberg het besluit dat hy hierdie probleem onder die aandag van die Staatsekretaris moes bring. In sy verslag het hy verklaar dat hy geen oplossing vir Hugo se probleme gehad het nie en onder meer verklaar dat, "de ziel van den resident-vrederechter nooit kan rusten zodanig hij iemand heeft waarmede hij kan twisten".[26] Die Staatsekretaris het aanbeveel dat die probleme tussen die Resident-vrederegter en die Belastinggaarder van Vereeniging self opgelos moes word. Die gelde ten opsigte van die inentingsertifikate wat te veel ingevorder was, moes egter in die staatskas gestort word.[27]

Gedurende 1897 is daar ook klagtes teen Hugo se optrede as runderpes-inspekteur ingehandig. Die firma S.B. Levy het 'n klag teen die Resident-vrederegter gelê, omrede hy hul slaghuis wederegtelik gesluit het.

Hugo het hierdie slaghuis gesluit omdat die sakeonderneming beeste geslag het wat met runderpesbesmette beeste in aanraking was. Op grond van hierdie gesondheidsrisiko het Hugo die vleis in die slaghuis op 9 Augustus 1897 gekonfiskeer. Op die 16de Augustus kon die beskuldigde egter eers in die hof verskyn. Teen daardie tyd was die vleis al bedorwe. Nadat Hugo besef het dat sy bewysstukke tot niet is en dat hy buite sy bevoegdhede opgetree het, het hy 'n verskoningsbrief aan S.B. Levy gestuur waarin hy gevra het om die saak buite die hof te skik.

---

26 TAB, Pretoria, SS, verw. RA 1829/97, dokument R 1293/96: aanstelling van belastinggaarder te Vereeniging as persoon om inenting te doen, besware van Hugo, 17 September 1896.

27 TAB, Pretoria, SS, verw. RA 1829/97, dokument R 6765: klagtes teen Hugo, Oktober 1896.

Veldkornet J.G. Meyer, van die wyk Kliprivier, het ook 'n klag teen Hugo rakende sy pligte as vee-inspekteur gelê. Volgens dié klagte is die spoorwegtrokke, waarin vee vervoer is, nie altyd oopgemaak om die inspeksies uit te voer nie. Sertifikate waarin verklaar is dat die betrokke trok met vee vry van runderpes was, is in sulke gevalle uitgereik sonder dat die diere gesien is. Inspeksies het ook soms in Vereeniging by die stasie plaasgevind en nie by die grenspos waar dit veronderstel was om uitgevoer te word nie.

Tabel no. 6.4 gee 'n beeld van die groot aantal slagvee wat Hugo by Viljoensdrift geïnspekteer het, voordat die diere in die ZAR toegelaat is:

**Tabel no. 6.4: Slagvee wat by Viljoensdrift geïnspekteer is**

| | Osse | Koeie | Skape | Bokke | Lammers | Wild | Varke | Kalwers |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jan. 1897 | 2 175 | 21 | 19 963 | 32 | 261 | 13 | 384 | 46 |
| Feb. 1897 | 1 949 | 89 | 24 102 | 177 | 427 | 1 124 | 19 | 191 [28] |

Daar is 'n verskeidenheid ander klagtes teen Hugo ingebring. Soos byvoorbeeld die geskil wat tussen Hugo en die Publieke Aanklaer van die Heidelbergse distrik bestaan het. Daar het 'n reëling bestaan dat die Publieke Aanklaer vrye toegang in die distrik se howe gehad het. Hy kon enige hofsaak bywoon en enige plek besoek het. Hugo het egter beweer dat die Publieke Aanklaer niks in sy hof te Vereeniging te make gehad het nie, en hom die swye tydens 'n hofsitting opgelê. Toe die Publieke Aanklaer inligting oor 'n bepaalde hofsaak wou bekom, is hy op Hugo se bevel deur die polisie uit die hofsaal verwyder. Dié klagtes is ook deur die Landdros van Heidelberg ondersoek. Die Publieke Aanklaer en Hugo is as vyande bestempel.

Dit het geblyk dat Hugo ook met ander amptenare en selfs die Landdros van Heidelberg in geskille betrokke was. Ten spyte van hierdie bogenoemde klagtes is daar ook 'n versoekskrif in Vereeniging ingedien waarin gepleit is dat Hugo nie verplaas moes word nie.[29]

Hugo het op 8 Februarie 1898 'n brief van die Uitvoerende Raad ontvang waarin die uitslag oor al die aanklagte teen hom uiteengesit is. Die Uitvoerende Raad het sy afkeur uitgespreek oor die wyse waarop Hugo sy pligte uitgevoer het. Die Uitvoerende Raad het hom egter nog

28 TAB, Pretoria, T44, band 277: Landdroste Heidelberg, Vereeniging Resident-vrederegter korrespondensie, 1893-1900, verslag oor slagvee deurgelaat, 1 Maart 1897.

29 TAB, Pretoria, SS, verw. RA 1829/97, dokument R 6765: klagtes teen Hugo as runderpes-inspekteur, Januarie 1897.

'n geleentheid gegee om sy gesindheid en gedrag te verbeter, en om te bewys dat hy 'n getroue amptenaar in diens van die regering was. Hugo is ook deur die Uitvoerende Raad daarop gewys om hom met sy pligte as Resident-vrederegter besig te hou en om nie met ander amptenare se opdragte en pligte in te meng nie.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was dit Hugo se taak om verblyfpermitte aan Britse onderdane uit te reik, toesig oor die bewaking van die brug oor die Vaalrivier te hou, paspoorte uit te reik en na te sien, en om Vrystaatse burgers van vervoerorders te voorsien. Hy het ook gedurende die periode van krygsverrigtinge op die Kommissie van Rus en Orde in Vereeniging gedien.

Die Britse besetting van Vereeniging in 1900 het 'n einde aan die resident-vrederegterstydperk in Vereeniging gebring. Na die Britse besetting van Vereeniging het Hugo die dorp verlaat en hom in Wes-Transvaal gaan vestig.[30]

## *6.1.2 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN KRYGSVERRIGTINGE, 1899-1902*

Gedurende die tydperk van krygsverrigtinge is daar addisionele maatreëls vir die handhawing van wet en orde in Vereeniging deur die Britse militêre bevelvoerders getref. Die hoofkwartier van kaptein Bentinck, die assistent-distrikskommissaris, is in die huis van T.N. Leslie gevestig. 'n Spesiale Regiment is ook in Vereeniging gevestig om die rivier en die steenkoolmyn te bewaak.[31] 'n Assistent-resident-magistraat het regsake in Vereeniging hanteer. Agtien maande na die deurtog van Lord Roberts en sy magte in Vereeniging is E.H.M. Baines, die eerste assistent-resident-magistraat, teen 'n salaris van £50 benoem. Teen 1902 was die Magistraatshof steeds in Heidelberg gevestig.[32]

---

30 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.10.

31 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.12.

32 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.12.

Die volgende Assistent-resident-magistrate het vanaf 1902 in Vereeniging diens gedoen:

| Assistent-resident-magistrate | |
|---|---|
| Naam | Datum |
| E.H.M. Baines | 1900 |
| H.H. Cowie | 1902, 1904 |
| P.C. Cochran | 1905-1906 |
| D.G. Kriel | 1907-1908 |
| L.W. Bangley | 1909-1911 |
| P. Jordaan | aflos gedurende 1909 |
| S.W. Snyman | 1912-1914[33] |

Nadat die Vrede van Vereeniging onderteken is het die lewe en werksaamhede in Vereeniging weer tot vredestydse omstandighede teruggekeer. Waar die oorlogtydse omstandighede 'n uittog van mense tot gevolg gehad het, het die vredestydse omstandighede veroorsaak dat Vereeniging weer 'n toevlugsoord geword het. Veral swart werksoekers het weer in die dorp rondbeweeg. Hierdie toeloop van swart arbeiders het veroorsaak dat Vereeniging tot 'n arbeidsdistrik verklaar is met 'n pasbeampte wat in beheer van sake gestaan het. Laasgenoemde pos is later in die "Collector of Native Tax" omskep, terwyl die plaaslike assistent-magistraat as die nie-amptelike "Sub Native Commissioner" opgetree het.[34]

Gedurende hierdie na-oorlogse fase het die plaaslike bestuur in Vereeniging verder ontwikkel. Vervolgens sal die ontwikkeling van die plaaslike bestuurstelsel oorsigtelik bespreek word.

## *6.1.3 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE GESONDHEIDSRAAD, 1902-1903*

Die amptelike aansoek om 'n Gesondheidsraad vir Vereeniging in te stel, is op 11 Desember 1901 deur E.H.M. Baines, die assistent-magistraat, gedoen. Die inwonertal van die dorp het op daardie stadium uit sowat 200 blankes en 2 000 swart mense bestaan.[35] Hierdie aansoek is deur die Administrateur van Transvaal goedgekeur, en die volgende lede is op hierdie eerste raad benoem: E.H.M. Baines (voorsitter), J.D. Hughes (lid), E.M. Goodwin (lid), T.N. Leslie (lid) en A. Evans (lid).[36] Hierdie Gesondheidsraad het beheer oor die plase

---

33 TAB, Pretoria, T166: inventaris, Resident-magistraat Vereeniging, 1900-1914, algemene oorsig, pp.2,3.

34 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.13.

35 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.14.

36 Union of South Africa, Transvaal, "Health Board for the towns of Heidelberg and Vereeniging", government notice no. 5, ***Government Gazette***, vol. 4, no. 101, 3 January 1902, p.7.

Leeuwkuil no. 187, Klipplaatdrift no. 336, en die plase rondom die dorpsgebied uitgeoefen.[37]

Die eerste vergadering van hierdie Gesondheidsraad het op 23 Januarie 1902 plaasgevind. Die eerste twee amptenare is tydens hierdie vergadering aangestel. Hulle was mnr. A. Stahmer, die sekretaris, wat vir £3 per maand aangestel is en dr. P. Marchell, die gesondheidsinspekteur, wat vir £5 per maand in diens geneem is.[38] Tydens hierdie vergadering is die eerste sub-komitee, bestaande uit die voorsitter E.H.M. Baines en T.N. Leslie, ook aangestel. Hierdie sub-komitee moes alle bouplanne nasien en goedkeur.[39] Ander sake soos die sanitêre dienste is ook op hierdie vergadering bespreek. Die gesondheidstoestande wat in die konsentrasiekamp geheers het, het ook aandag geniet. Die Gesondheidsraad het die aanbod van die Superintendent van die konsentrasiekamp aanvaar om afval en vuilwater teen 5/- per emmer uit die kamp te verwyder.

Tydens hierdie eerste vergadering is ook besluit op watter wyse inwoners van die dorp en die kamp van die nuwe Gesondheidsraad in kennis gestel moes word. Twaalf afskrifte van die proklamasie waarin die Administrateurskennisgewing voorgekom het, moes onder al die inwoners versprei word.[40]

Die Gesondheidsraad het gedurende sy tweejarige bestaan 23 vergaderings en vier spesiale vergaderings gehou. Die laaste vergadering van die Gesondheidsraad is op 23 November 1903 gehou. Tydens hierdie vergadering was mnre. Baines, Wilson, Leslie en Patlansky teenwoordig. Die verantwoordelikhede, bates en laste van die Gesondheidsraad is tydens hierdie laaste vergadering aan die nuwe Buitestedelike Distriksraad oorgedra.[41]

Dit was duidelik dat daar vir hierdie herontluikende gemeenskap ook op plaaslike bestuursvlak nuwe vooruitsigte voorgelê het.

### *6.1.4 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE BUITESTEDELIKE DISTRIKSRAAD, 1903-1904*

Gedurende 1903 het Vereeniging se plaaslike bestuur 'n verhoogde status verkry. 'n Buitestedelike Distriksraad is op 17 November 1903 ingestel. Die pligte, magte en

---

37 Union of South Africa, Transvaal, "Health Board for the towns ...", p.8.

38 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Health Board meeting, 23 January 1902.

39 TAB, Pretoria, MVE, T238: inventaris, Stadsklerk Vereeniging, p.2.

40 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Health Board meeting, 23 January 1902.

41 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Health Board meeting, 23 November 1903.

verkiesingsprosedure van hierdie raad is in die "Municipal Corporations Ordinance", ordonnansie no. 58 van 1903, artikel 73, uiteengesit.[42]

Tydens die eerste vergadering van hierdie Buitestedelike Distriksraad wat op 23 November 1903 plaasgevind het, is W.R. Wilson as voorsitter verkies en A. Stahmer as permanente sekretaris aangestel.[43] Stahmer het 'n salaris van £10 per maand ontvang, om die raad se administrasie, korrespondensie en die notules van die verskillende sub-komitees te behartig.[44] Dr. Currie, die mediese beampte, is ook vir 'n salaris van £5 per maand aangestel. Daar is ook van hom verwag om alle vergaderings van hierdie Distriksraad by te woon.[45] Gedurende die Desembervergadering van die raad is die volgende lede vir die verskillende sub-komitees verkies:

| | |
|---|---|
| Ordonnansiekomitee: | J. Torence; J. Nethercole; T.N. Leslie en W. Heusin. |
| Finansiëlekomitee: | T.N. Leslie, M. Patlansky en W. Curringham |
| Werkekomitee: | J. Torence, T.N. Leslie en J. Nethercole |
| Gesondheidskomitee: | M. Patlansky, W. Curringham en W. Heusin.[46] |

Voorbeelde van die tipe sake wat die Buitestedelike Distriksraad hanteer het, was die opstelling van bywette, monitering van die boekhoustelsel, die beheer oor die swart woongebied, die toekenning van weidingsregte, die beheer en instandhouding van die slagpale, die toekenning van besigheidslisensies, die invordering van gelde wat aan hierdie bestuursliggaam verskuldig is, die bespreking van gesondheidsregulasies en vervolgingsaksies wat ingestel kon word.[47]

Voordat 'n volle jaar verloop het is hierdie bestuursvorm vervang, om aan die bestuursbehoeftes van die steeds toenemende inwonertal van Vereeniging te voldoen.

---

42 Union of South Africa, Transvaal, "Proclamation by his excellency the Lieutenant-governor of the Transvaal", government notice no. 51, ***Government Gazette***, vol. 7, no. 225, 30 October 1903, pp.1100-1102.

43 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Urban District Board meeting, 23 November 1903.

44 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.15.

45 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.15.

46 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Urban District Board meeting, 1 December 1903.

47 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Urban District Board meeting, 1 December 1903.

## 6.1.5 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE KLEINER MUNISIPALITEIT MET 'N MUNISIPALE RAAD, 1904-1912

Op 17 Augustus 1904 het Vereeniging se plaaslike bestuur munisipale status verkry. Vereeniging se bestuursliggaam sou voortaan as 'n kleiner munisipaliteit wat deur 'n Munisipale Raad bestuur word, bekend staan.[48] Tydens die eerste vergadering van dié Munisipale Raad op 13 September 1904 is die naamsverandering, van 'n Buitestedelike Distriksraad na Vereeniging Munisipaliteit, ook bekragtig. Hierdie statusverhoging het meegebring dat die raadslede van sewe tot nege vermeerder is.[49]

Die Munisipale Raad het op 'n basis van staandekomitees gefunksioneer. Hierdie komitees het bepaalde sake wat aan hulle opgedra is bespreek en aanbevelings daaroor geformuleer wat ten tye van die raad se formele vergadering vir oorweging voorgelê is. Die volgende sub-komitees het die Munisipale Raad ondersteun: die Finansiëlekomitee, die Algemene Sakekomitee, die Gesondheidskomitee en die Werkekomitee. Daar is drie raadslede op elke sub-komitee benoem.[50] Aspekte van hierdie komiteeverslae wat vervolgens bespreek word bied 'n beeld van die werksaamhede van hierdie munisipaliteit.

Alle geldsake is deur die Finansiëlekomitee hanteer wat maandeliks 'n inkomste- en uitgawestaat aan die raad voorgelê het. Die jaarlikse begroting is ook deur hierdie komitee opgestel, wat daarna aan die volle raad vir bespreking en goedkeuring voorgelê is. 'n Afskrif van die begroting moes ook aan die Provinsiale Raad gestuur word.[51]

Tydens 'n vergadering van die Munisipale Raad op 7 November 1905 is 'n Algemene Sakekomitee ingestel wat alle algemene sake moes behartig.[52] Die ontspanningsbedrywighede rondom die rivier was een van die sake waaraan hierdie komitee aandag gegee het. Hierdie komitee het byvoorbeeld op 31 Oktober 1907 'n verlaging in die tariewe vir bote voorgestel. Hierdie tariefverlaging het veral vir persone wat 'n boekie met 12 kaartjies gekoop het gegeld:

---

48 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging* ...., p.15.

49 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging* ...., pp.15,16.

50 TAB, Pretoria, MVE, T238: inventaris, Stadsklerk Vereeniging, p.2.

51 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 31 October 1907.

52 TAB, Pretoria, MVE, T238: inventaris, Stadsklerk Vereeniging, p.3.

| TIPE BOOT | TARIEF | VOORGESTELDE TARIEF |
|---|---|---|
| 10-11 voet | 18/5 | 15/5 |
| 12-13 voet | 31/5 | 30/5 |
| 16 voet | 30/5 | 30/5 |
| 18 voet | 36/5 | 30/5 |

Die doel van hierdie tarief verlaging was waarskynlik om die ontspanningspotensiaal van die rivier op so 'n wyse aan te moedig. 'n Keerwal wat in die Kliprivier opgerig is, het veroorsaak dat die water vir ongeveer twee myl opgedam het. Digby die keerwal het die rivier ongeveer 400-600 voet breed gevloei wat in 'n gewilde ontspannings-, hengel- en bootvaartplek ontwikkel het.[53]

'n Verdere maatreël om hierdie ontspanningsdoelwit te bereik was 'n voorstel van die Algemene Sakekomitee om 'n regatta vir die gemeenskap op Kersdag te hou. Daar is voorgestel dat 'n komitee uit die gemeenskap saamgestel moes word om met hierdie reëlings te help.

Dit wil voorkom asof daar tog besorgdheid by lede van die Algemene Sakekomitee bestaan het oor die ongekontroleerde toeloop na die ontspanningsgeriewe wat by die rivier geskep is. Die bedrywighede van die hengelaars is byvoorbeeld onder die loep geneem. Raadslid J. Torrence het versoek dat die komitee die ongemagtigde hengelaars moes straf.

Hierdie Algemene Sakekomitee het verder ook die registrasie van kiesers hanteer.[54]

'n Voorbeeld van die Gesondheidskomitee se werksaamhede blyk uit 'n verslag wat gedurende September 1907 deur die Mediese Beampte ingedien is. Volgens hierdie verslag is die sanitêre dienste in die dorp op 'n bevredigende wyse uitgevoer. Die implementering van die sogenaamde Woodstock sanitêre stelsel, waaroor die opsigter moes toesig hou, het gedurende 1905 'n uitgawe van £337 vir die munisipaliteit meegebring.[55]

Gedurende September 1907 is daar ook geen gevalle van aansteeklike siektes aangemeld nie. Die geboorte van twee blanke dogtertjies en een swart seuntjie is geregistreer, en 'n sterfgeval van 'n swart man is ook gerapporteer. Die komitee het ook verslag gelewer van herstelwerk wat aan die grafstene in die begraafplaas gedoen moes word.

Gedurende hierdie tydperk het die munisipaliteit ook 13 osse in diens gehad. Hierdie diere het nege ure per dag gewerk. Daar is voorgestel dat die raad 'n bykomende ses osse moes

53 Anon., ***The 'United' Transvaal Directory, 1907***, p.2184.

54 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 31 October 1907.

55 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 30 November 1905.

aankoop om hierdie span osse se taak te verlig. Daar is ook voorgestel dat vier van die bogenoemde 13 osse van diens onttrek moes word, "to graze, fattened and sold".[56]

Die Gesondheidskomitee was ook van mening dat 'n slagplaas vir die publiek om gesondheidsredes ingerig moes word. Indien inwoners van hierdie geriewe gebruik wou maak, moes 'n tarief van £1 betaal word.[57]

Verslae van die Werkekomitee dui op uiteenlopende sake wat hanteer is. Mnr. Sammy Marks het byvoorbeeld hekke aan die munisipaliteit vir die ingang na die krieketveld geskenk. Hierdie hekke was egter so gegiet dat spesiale pilare gemaak moes word. Die geraamde koste om hierdie pilare te maak en die hekke op te rig sou £10 beloop wat 'n onvoorsiene uitgawe meegebring het. Die plein voor die stasie moes ook vir 'n bedrag van £5 geploeg en bewerk word.

Hierdie komitee moes ook verslae oor die toestand van die paaie en strate, soos die verbetering en instandhouding daarvan, in die munisipaliteit se jurisdiksiegebied aan die Munisipale Raad voorlê. Verbeterings wat aanbeveel is het byvoorbeeld die volgende ontwikkelingswerk ingesluit: om bome op die sypaadjies te plant, om die pad na die boothuis aan die rivierfront te verbeter en om bome langs hierdie pad aan te plant.

Die Werkekomitee het ook aanbeveel dat 'n definitiewe hoofstraat vir die dorp ontwikkel moes word en dat hierdie uitgawe van die regering verhaal moes word.

Hierdie komitee het ook voorgestel dat die raad 'n veewagter moes huur om die inwoners se vee op te pas. Die inwoners kon hierdie veewagter 'n sekere bedrag vir sy dienste betaal.[58]

Gedurende hierdie ontwikkelingsfase is daar ook 'n administratiewe stelsel vir die munisipaliteit ontwikkel. Op aanbeveling van raadslid H.C. Dixon is die administratiewe stelsel wat by van die munisipaliteit van Heilbron gebruik is, oorgeneem. Hierdie Heilbronse stelsel sou vanaf Januarie 1906 in Vereeniging toegepas word.[59] Volgens hierdie stelsel is die stadsklerk, ene D.D. Storer, as die uitvoerende amptenaar beskou.[60] Mnr. L. Abrahams is as assistent-stadsklerk aangestel om die stadsklerk in die uitvoering van sy vele pligte by

---

56 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: report of the Medical Officer of Health, September 1907.

57 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 31 October 1907.

58 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 31 October 1907.

59 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 30 November 1905.

60 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 30 November 1905.

te staan.[61] Teen Februarie 1906 was die volgende amptenare in diens van die munisipaliteit. Hul ampspligte word ook vermeld:

Die Stadsklerk: sy administratiewe pligte as Stadsklerk het verantwoordelikhede soos die algemene toesig en uitvoering van alle raadsaangeleenthede, die opstel van sakelyste en skryf van notules, die bestudering van werkstukke en ander verslae, ingesluit. Afgesien van hierdie pligte het hy nog die volgende verantwoordelikhede gehad: superintendent van die swart woongebied, sanitêre inspekteur, markmeester, pondmeester, toesig oor alle herstelwerk aan munisipale eiendom en toerusting en begraafplaasopsigter.

Die Assistent-stadsklerk: klerklike werk in die kantore van die munisipaliteit, hulp-markmeester en die pligte wat deur die stadsklerk aan hom opgedra is.

Die Ontspanningsbeampte (ook "Boatman" genoem): hy was in beheer van die bote en swemgeriewe by die rivier en hy moes toesien dat bote- en swemregulasies toegepas word.

Die Opsigter: hy het in oorleg met die stadsklerk as sanitêre inspekteur opgetree en was die toesighouer oor alle werkers.[62]

Die personeeluitgawes het in Maart 1906 byvoorbeeld £89.7.0 beloop. Die bogenoemde poste het bykans die totale uitgawe aan personeel behels. Uit hierdie £89 het die Stadsklerk £30, die Assistent-stadsklerk £15, die Opsigter £12 en die Ontspanningsbeampte £8 ontvang.[63]

Teen 1911 het die Munisipale Raad uit nege raadslede bestaan. Die personeelkorps het uit 'n stadsklerk, 'n assistent-stadsklerk, 'n ploegbaas en sy assistent en 'n stadsingenieur bestaan.

Hierdie ploegbaas en stadsingenieur was ook vir die volgende take verantwoordelik: inspeksies van die sanitêre stelsel, die skut, die swart woongebied en die begraafplaas. Hulle moes ook die raad se regulasies oor bogenoemde dienste opstel.

Teen 1913 kon die Munisipale Raad nie meer die salarisse van die Stadsingenieur en sy assistent bekostig nie en hulle is gevolglik afgedank. Hierdie rasionalisasie het 'n besparing van £700 meegebring.[64]

---

61 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 15 March 1906.

62 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 15 February 1906.

63 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 29 March 1906.

64 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.16.

Gedurende 1911 is 'n konsep Kiesers-ordonnansie vir kommentaar aan die Munisipaliteit van Vereeniging voorgelê. Hierin is bepaal dat die term dorpsraad ("village council") op alle dorpies van toepassing sou wees. Die implementering van hierdie konsep-ordonnansie sou daartoe lei dat Vereeniging 'n statusverlaging op plaaslike bestuursvlak sou ondergaan.[65]

Vereeniging se raadslede het teen die volgende sake in hierdie konsep-ordonnansie beswaar gemaak: die term dorpsraad, die wyse waarop verkiesings moes plaasvind en die beperking wat dit op die munisipaliteit se funksionering sou plaas.[66]

Die Munisipale Raad was van mening dat die term dorpsraad onvanpas in Suid-Afrika was, omrede die term meer op plattelandse dorpies in byvoorbeeld Engeland van toepassing gemaak kon word. Die raad was van mening dat hierdie tipe dorpsbestuur nie op 'n industriële gemeenskap soos Vereeniging toegepas kon word nie.

Die Munisipale Raad het voorgestel dat die term stadsraad op alle gemeenskappe van toepassing gemaak moes word. Die magte van kleiner stadsrade kon volgens hierdie raadslede beperk word. Die terme kleiner munisipaliteit ("minor municipality") en groter munisipaliteit ("major municipality") kon egter ook nog gebruik word.

Vereeniging se Munisipale Raad was ook van mening dat die bevoegdhede van 'n dorpsraad te beperkend was. Feitlik alle besluite wat deur 'n dorpsraad geneem word, moes eers deur die Administrateur goedgekeur word. Dié stelsel impliseer dat die funksionering van die dorpsbestuur in Vereeniging, wat etlike jare al sonder Administrateursgoedkeuring verrig is, tot 'n einde sou kom. Hulle het ook gevoel dat die bovermelde Administrateursgoedkeuring nie die respek van die inwoners in die plaaslike owerheid sou afdwing nie.[67]

Op grond van hierdie ontwikkeling het die Munisipale Raad die Administrateur versoek om goedkeuring te verleen dat Vereenigingse Munisipaliteit voortaan as volwaardige stadsraad kon funksioneer. Hierdie versoek is nie deur die Administrateur toegestaan nie, maar die voorgestelde ordonnansie is nie op Vereeniging van toepassing gemaak nie. Vereeniging se status as kleiner munisipaliteit is behou.[68]

Die laaste vergadering van die Munisipale Raad as kleiner munisipaliteit is op 7 September 1911 gehou. Die volgende raadslede was op hierdie vergadering teenwoordig T.N. Leslie (voorsitter), K.M. Hosack, H.J. Vorster, H.W. Bass, W.A. McLare, G. Shawyer, F. Haskins

---

65 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.16.

66 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 11 July 1911.

67 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 11 July 1911.

68 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 7 September 1911.

en M. Katzen. Die Voorsitter het die raadslede vir hulle samewerking en diens in belang van die gemeenskap bedank.

Hierdie vergadering het 'n fase in die bestuursontwikkeling van Vereeniging afgesluit en 'n nuwe fase ingelei.

### 6.1.6 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE GROTER MUNISIPALITEIT MET 'N MUNISIPALE RAAD, 1912-1926

Gedurende 1912 is Vereeniging se plaaslike bestuurstatus ingevolge Ordonnansie no. 9 van 1912 na 'n groter munisipaliteit met 'n Munisipale Raad gewysig. Die plaaslike bestuurstelsel wat na 1912 ontwikkel is word na hierdie oorsig in afdeling 6.2 volledig bespreek.

### 6.1.7 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE STADSRAAD, 1926-1992

Vereeniging se munisipale bestuursfase het tot 1926 geduur. Die versoek wat die Munisipale Raad in 1911 aan die Administrateur gerig het om die dorp se bestuurstatus na 'n volwaardige stadsraad te verhoog, het eers gedurende 1926 gerealiseer. Vereeniging het stadsraadstatus volgens Ordonnansie no. 11 van 1926 ontvang.[69] Hierdie stadsraadsfase het vanaf 1926 tot 1992 geduur. Die bestuursfase van Vereenigingse Stadsraad word na hierdie oorsig volledig in afdeling 6.2 bespreek.

### 6.1.8 DIE BESTUURSFASE IN DIE TYDPERK VAN DIE GROOTSTADSTATUS, 1992

Sedert 1926 het Vereenigingse Stadsraad die belange van 'n steeds groter wordende nywerheidsgemeenskap hanteer. Die omvangryke dienste wat hierdie stadsraad aan die gemeenskap gelewer het, het veroorsaak dat daar in 1982 aansoek om Grootstadstatus by die Direkteur van Plaaslike Bestuur in Transvaal gedoen is. Na herhaalde aansoeke is Grootstadstatus volgens Administrateursproklamasie no. 13 van 1992 op 6 Mei 1992 aan Vereeniging toegeken.[70] Hierdie Grootstadstatus impliseer dat die Stadsraad van

---

69 TAB, Pretoria, Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), band 5/14: proclamation no. 36, ***Government Gazette***, vol. 14, no. 187, 3 October 1913; TAB, Pretoria, TPB, band 4/1/15: Province of Transvaal, "Ordinance of the Province Transvaal", no. 11 of 1926, p.115; TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/3: Municipal Council meeting, 5 December 1912.

70 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om Grootstadstatus*** (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, Vereeniging, 1991), pp.1,2; ***Vaalweekblad***, 8 Mei 1992: berig.

Vereeniging outonome besluite kan neem, sonder om die Provinsie se toestemming te verkry.[71]

Teen die agtergrond van die instelling van hierdie opeenvolgende bestuursfases word die plaaslike bestuurstelsel wat sedert 1912 in Vereeniging toegepas is vervolgens bespreek.

## 6.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE PLAASLIKE BESTUURSTELSEL IN VEREENIGING, 1912-1992

### *6.2.1 ORGANISASIE*

Nadat 'n plaaslike owerheid se beleid bepaal is, kan die amptenare en raadslede hulle werksaamhede uitvoer. Die ontwikkeling van 'n beleidsdokument wat alle take en funksies omskryf is nodig om te verseker dat 'n plaaslike owerheid sy pligte op 'n ordelike wyse uitvoer.[72] Die provinsiale rade voorsien voorskrifte aan plaaslike owerhede waarvolgens hul administratiewe stelsel georganiseer en hul werksaamhede uitgevoer moet word. Die werksaamhede van die plaaslike owerheid word in departemente of afdelings verdeel. Soos reeds vermeld het 'n praktyk bestaan waarvolgens die verkose raadslede by sub-komitees van die Munisipale Raad betrek is om die werksaamhede van hierdie departemente of afdelings te moniteer. Elke plaaslike owerheid moes ook 'n stadsklerk aanstel om as die hoof uitvoerende en administratiewe beampte te dien. Plaaslike owerhede kan ook ander amptenare aanstel om die werksaamhede te behartig.[73]

Teen die agtergrond van hierdie organisatoriese struktuur wat deur 'n plaaslike owerheid geskep moet word kan die funksionering van die plaaslike bestuurstelsel in Vereeniging beskryf word.

### *6.2.2 DIE KOMITEESTELSEL*

#### 6.2.2.1 DIE MULTI-KOMITEESTELSEL

Sedert 1902, met die instelling van 'n plaaslike bestuurstelsel in Vereeniging, is 'n multikomiteestelsel gevolg. Hierdie multi-komiteestelsel was tot 1961 van krag. Na die instelling van die Bestuurskomiteestelsel gedurende 1962 is 'n enkelvoudige komiteestelsel ingebruik geneem. Tabel no. 6.5 gee 'n beknopte weergawe van die verskillende staandekomitees

---

71 ***Vaalweekblad***, 8 Mei 1992: berig.

72 W.L.J. Adlem & A. du Pisani (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie: 'n Inleiding***, pp.92,93.

73 J.J.N. Cloete, ***Sentrale, regionale en plaaslike owerheidsinstellings van Suid-Afrika***, pp.239-249.

wat vanaf 1912-1992 die belange van die plaaslike owerheid in Vereeniging hanteer het. Hierdie komitees het die werksaamhede van die amptenare gemonitor, hul gedelegeerde bevoegdhede uitgeoefen om die komitees te bestuur, asook aanbevelings voorberei wat die raad moes oorweeg het:

**Tabel no. 6.5: Staandekomitees wat die plaaslike owerheid in Vereeniging ondersteun het, 1912-1992**

| DATUM | KOMITEES |
|---|---|
| 1912 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Gesondheidskomitee en Algemene Doeleindeskomitee. |
| 1913 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee. |
| 1914 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee en Algemene Doeleindeskomitee (lg. weer heringestel). |
| 1914-1919 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee en Algemene Doeleindeskomitee. |
| 1920-1922 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee, Algemene Doeleindeskomitee en Behuisingskomitee (lg. vir twee jaar ingestel). |
| 1923-1932 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee en Algemene Doeleindeskomitee. |
| 1933-1934 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee, Algemene Doeleindeskomitee en Nie-blankesakekomitee (lg. in 1933 vir die eerste keer ingestel). |
| 1934-1935 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee, Algemene Doeleindeskomitee, Nie-blankesakekomitee en Verkeerbeheerkomitee (lg. nuut ingestel). |
| 1935-1936 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee, Algemene Doeleindeskomitee, Nie-blankesakekomitee en Verkeerbeheerkomitee. |

| | |
|---|---|
| 1937-1940 | Finansiëlekomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheidskomitee, Algemene Doeleindeskomitee, Verkeerbeheerkomitee en Parke en Eiendomskomitee (lg. nuut ingestel). |
| 1941-1946 | Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, Publieke Parkekomitee, Publieke Gesondheid Lisensiëring en Verkeerbeheerkomitee, Nie-blankesakekomitee (gedurende hierdie tydperk is komitees saamgevoeg). |
| 1947-1949 | Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheid en Lisensiëringskomitee, Parke en Verkeerbeheerkomitee, Nie-blankesakekomitee en Dorpsbeplanningskomitee (lg. nuut ingestel). |
| 1950 | Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheid en Lisensiëringskomitee, Parke en Verkeerbeheerkomitee, Nie-blankesakekomitee, Dorpsbeplanningskomitee, Biblioteekkomitee, Personeelraadgewendekomitee, Verkoop van grond en Industriële Ontwikkelingskomitee (lg. nuut ingestel) |
| 1951-1961 | Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, Publieke Werkekomitee, Publieke Gesondheid Lisensiëring en Sosiale Welstandskomitee, Parke en Verkeerbeheerkomitee, Nie-blankesakekomitee, Personeelraadgewendekomitee, Verkoop van grond en Industriële Ontwikkelingskomitee. |
| 1962-1977 | Bestuurskomitee en Lisensiëringskomitee. |
| 1978-1992 | Bestuurskomitee.[74] |

Hierdie staandekomitees het gedelegeerde funksioneringsbevoegdhede gehad om sonder die vooraf toestemming van die raad in die volgende gevalle op te tree: om tenders vir werk of goedere te vra en voorstelle oor die toewysing aan die gunstigste tenderaar te maak, om reëlings te tref vir die betaling van dienste wat voltooi is of goedere wat ontvang is en waarvoor in die begroting voorsiening gemaak is, om toelaes van die regering en Provinsiale Administrasie te hanteer, om huurooreenkomste toe te ken, om lisensie aansoeke volgens bepaalde verordeninge te oorweeg, om die betaling van intekengelde of ledegelde aan verskillende verenigings te moniteer, om afgevaardigdes na kongresse en konferensies te benoem.

---

74 Town Council of Vereeniging, Town Councillors service register, 1903-1993, pp.1-131.

Die multi-komiteestelsel het op so 'n wyse gefunksioneer dat die Munisipale Raad of stadsraad steeds seggenskap oor sake gehad het. Alle komiteeverslae moes aan die raad vir bespreking en goedkeuring voorgelê word. In die algemeen kon die staandekomitees roetine-aangeleenthede afhandel. Die staandekomitees is egter verplig om van tyd tot tyd oor die volgende sake verslag te lewer: heffing van diensgelde of belastings, vermelding van uitgawes, voorstelle vir nuwe verordeninge of wysigings van bestaande verordeninge.

Die aanbevelings van hierdie komitees mag ook nie teen enige raadsbesluit ingedruis het nie. In die jaarlikse begroting is daar vir alle uitgawes van hierdie komitees voorsiening gemaak. Die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee was in 'n sekere sin die belangrikste komitee aangesien hierdie komitee alle aanbevelings van die staandekomitees wat die geldsake van die raad geraak het, moes goedkeur.

Die verantwoordelikhede van hierdie staandekomitees en hul gepaardgaande bevoegdhede word vervolgens toegelig. Dit mag voorkom of die take van die verskillende komitees oorvleuel het, maar daar moet ingedagte gehou word dat sommige komitees in verskillende tydperke gefunksioneer het.

a) **Die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee**

Hierdie komitee het uit al die raadslede bestaan. Die komitee het ook die werksaamhede in die Stadsklerk se departement, (die Verkeersafdeling en Lisensieafdeling is in hierdie opsig uitgesonder), asook die Stadstesourier se departement met inbegrip van die magasyn en aankoopafdeling, (die mark is ook uitgesonder) gekontroleer.

'n Groot deel van die raad se werksaamhede is vooraf deur hierdie komitee hanteer. Hierdie komitee moes die raad oor die volgende sake adviseer: die aanstelling, ontslag en salarisskale van hoofde en adjunk-hoofde van departemente; die instelling van nuwe departemente of afdelings; die aanstelling van die raad se verteenwoordigers op verenigings, liggame of organisasies; die monitering van die administratiewe werk wat deur die departemente en sub-komitees gedoen is; die ontleding van wetgewing of voorgestelde wetgewing en die moontlike implikasies wat die implementering daarvan vir die raad ingehou het; die formulering van wysigings aan die Reglement van Orde, asook regulasies en beleidsake wat die geldsake van die raad geraak het; die formulering van opdragte wat aan alle komitees gegee moes word en die hantering van enige aangeleentheid wat nie aan 'n ander komitee opgedra kon word nie; die formulering van aanbevelings oor die toekenning van hulptoelaes aan organisasies en verenigings; die formulering van aanbevelings oor die bestuur, aankoop of verkoop van grond of geboue wat aan die raad behoort

het; die monitering van die geldsake van die dorp en die formulering van aanbevelings oor hierdie saak; die hantering van die jaarlikse begroting en die formulering van begrotingsbesluite; die monitering van die raad se inkomste en uitgawes; die aanstelling van waardeerders en die reëlings in verband met die sittingstye van waardasiehowe; die reëlings in verband met die versekering van raadseiendomme; die oorweging van alle tenders en die formulering van aanbevelings wat aan die raad vir oorweging voorgelê is; die toekenning en administrasie van beurse en lenings; die hantering van die eise van vakunies en die formulering van raadsbesluite.

Hierdie Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee het die volgende gedelegeerde bevoegdhede gehad om sonder die raad se toestemming besluite oor die volgende sake te neem: die hantering van volkstellings; die hantering van aansoeke om as kiesers te registreer; die samestelling van alle munisipale kieserslyste; die hantering van alle dringende sake wat volgens die Stadsklerk onmiddellike aandag vereis het; die aanvaarding van die gunstigste tender wat die raadsonthale moes aanbied; die heffing en invordering van rente op onbetaalde belasting en sanitasiegelde; die uitoefening van bevoegdhede wat in die belasting ordonnansies neergelê is; die formulering van regulasies wat die finansiële beleid bepaal het; die beheer oor die magasyn en die aankoop van goedere; die hantering van die jaarlikse voorraadopname en oudit van die magasyn se rekeninge; die finansiële beheer oor alle werksaamhede van die raad; die verkoop van alle oortollige materiaal en afskryfbare toerusting en diere in raadsbesit; die hantering van die aansoeke van amptenare om na-uurse privaatwerk teen vergoeding te aanvaar.

Uit hierdie bogenoemde verpligtinge is dit duidelik dat hierdie komitee inderdaad die raad se funksionering georden en vooraf gekontroleer het. Tydens die maandelikse vergaderings van die raad kon daar doelmatiger besluite op grond van bewese voorbereidingswerk geneem word. Uit 'n gemeenskapsoogpunt gesien is dit gerusstellend dat die inwoners se belange vooraf deur hierdie komitee in oorleg met die senior amptenare hanteer is, voordat dit in die raad se sakelyste opgeneem is.[75]

**b) Die Openbare Gesondheid-, Lisensiëring en Maatskaplike Welsynkomitee**

Hierdie komitee het uit vier raadslede bestaan. Die Burgemeester het ampshalwe as 'n nie-amptelike lid in hierdie komitee gedien. Die komitee het ook die

---

75 Town Council of Vereeniging, Minutes, November 1958 - February 1959, vol. 123: minute, 5 November 1958.

werksaamhede van die Lisensie- en Gesondheidsafdeling en die slagpale gekontroleer.

Die funksies van hierdie komitee kan soos volg saamgevat word: die hantering van die maatskaplike welsynswerk en die armsorgwerk in belang van die blanke inwoners; die hantering van alle aangeleenthede rakende die raad se rol in die dienslewering van die hospitaal, klinieke, kleuterskole en dagsorginrigtings; die hantering van die raad se verpligtinge rondom die Slumswet; die beheer van die slagpale; die monitering van die alle vullisverwyderingsdienste; die beheer oor die uitreiking van lisensies; die beheer oor behuisingskemas; die toekenning van behuisingslenings aan die amptenare; aanbevelings oor die sloping of omskepping van raadsgeboue.

Hierdie komitee het ook gedelegeerde bevoegdhede gehad om outonoom oor die volgende sake besluite te neem: die beheer oor huise of behuisingskemas van die raad; die beheer en ontwikkeling van die verkeerstelsel; die toepassing van verordeninge en regulasies met betrekking tot die swembaddens, parke, openbare tuine, groengordels, sport- en ontspanningsgronde, markte en afslaers, asook verkeers- en begraafplaasverordeninge; die beheer oor alle raadseiendomme en grond; die beheer oor die aanplant en onderhoud van gras en bome; die beheer oor die munisipale skut en die toepassing van skutverordeninge; die beheer oor straatsmouse en straatkollektes en die veekrale.

Hierdie uiteensetting dui op die vele praktiese werksaamhede van hierdie komitee wat daarop gemik was om die dorpslewe op 'n geordende en higiëniese wyse te bestuur. Deur hierdie bogenoemde maatreëls is die lewenskwaliteit van die inwoners ook ondersteun deur die voorsiening van parke, sport- en ontspanningsplekke, wat met bome, gras en ander fasiliteite ontwikkel is.

### c) Die Nie-blankesakekomitee

Die Nie-blankesakekomitee het uit drie lede bestaan. Die Burgemeester het ex officio ook op hierdie komitee gedien.

Hierdie komitee het alle sake in belang van die swart mense beheer. Dit het die volgende aangeleenthede ingesluit: die hantering van alle sake rakende die swart woonbuurte, dorpsgebiede en tehuise vir swart mense; die toekenning van persele vir die oprigting van winkels, skole, kerke en openbare geboue; die beheer oor die verkoop van voedsel, openbare gesondheid en sanitêre aangeleenthede; die toepassing van alle openbare gesondheidsverordeninge; die hantering van alle

inspeksiereëlings; die toesig en beheer oor openbare geriewe; die toesig oor die skoonmaak van strate en beheer oor die alle vullishope en kampongs; die toesig en administrasie van sanitêredienste; die toepassing van alle verordeninge en regulasies betreffende honde en hondelisensies; die hantering van lisensie aansoeke en hernuwingspermitte.

Hierdie komitee het in oorleg met wetgewing toegesien dat aparte woonbuurte geskep word waar afsonderlike leefruimtes vir swart mense, Kleurlinge en Asiate geadministreer is.

d) **Die Parke en Verkeerbeheerkomitee**

Hierdie komitee het uit vier lede bestaan, met die Burgemeester wat ampshalwe as bykomende lid gedien het. Die Parke en Verkeerbeheerkomitee was vir die afdeling Parke en Eiendomme, die Verkeersafdeling van die Stadsklerk se departement, asook gedurende sekere tydperke vir die Markafdeling van die Stadstesouriersdepartement, verantwoordelik.

Die verantwoordelikhede van hierdie komitee het om die volgende take gewentel: die ontwikkeling van parkgronde; die verhuring of verkoop van grond of geboue wat deur hierdie bogenoemde departemente bestuur word; die hantering van verkeersake, busroetes, bushaltes en die mark; die implementering van die motorvoertuig- en padverkeersordonnansies en wetgewing; die hantering van armsorgwerk ten opsigte van swart mense en sake met betrekking tot die Asiër- en Kleurlinggemeenskappe.

Die Parke en Verkeerbeheerkomitee se gedelegeerde bevoegdhede het meegebring dat die volgende sake selfstandig afgehandel kon word: die administrasie en toepassing van verordeninge betreffende motorvoertuig- en padverkeersake, asook aspekte wat die swart woongebiede geraak het; die verkoop en verskaffing van sorghumbier; die administrasie en beheer van noodkampe; die toesig en beheer oor behuisingskemas vir swart mense; die betaling van hulptoelaes vir armsorgwerk in gemeenskappe buite die blanke dorpsgebied; die toekenning of hernuwing van huurkontrakte in die Asiërwoonbuurt.

Afgesien van parke en verkeersake het hierdie komitee ook vir 'n bepaalde tydperk die belange van die swart, Asiër- en Kleurlinggemeenskappe hanteer.

e) **Die Openbare Werkekomitee**

Dié komitee het uit vyf lede met die Burgemeester as nie-amptelike lid bestaan. Hierdie komitee het in beheer van die Stadsingenieurs-, Elektrotegniese Stadsingenieurs- en die Brandweerdepartement gestaan. Komiteelede moes oorweging skenk aan sake soos die verspreiding van water en elektrisiteit; die rioleringstelsel; die stormwaterdreineringstelsel; die ontwerp, bou, sluiting en benaming van paaie en strate.

Hierdie komitee kon enersyds sonder die raad se toestemming die riool-, water-, elektrisiteits-, ontvlambare vloeistowwe- en bouverordeninge, asook verordeninge rakende loodgieters toepas. Die komitee moes ook die voorkoming en blus van brande administreer.

Andersyds moes die komitee ook die volgende werksaamhede monitor: werk wat deur die raad gelas word; alle herstelwerk, onderhoud en skoonmaak van riole, rioolvore en putte; die instandhouding van strate; die werk van die munisipale werkswinkels; die toesig en beheer oor die rioolsuiweringswerke; die verskaffing van water en elektrisiteit; die lisensiëring van elektrisiëns.

Die voordele van 'n deeglike moniteringstelsel van hierdie bogenoemde omvangryke en duur werksaamhede vir 'n plaaslike owerheid is vanselfsprekend.

f) **Die Dorpsaanlegkomitee**

Hierdie komitee het uit vier lede, met die Burgemeester as nie-amptelike lid, bestaan. Die komitee moes verordeninge met betrekking tot dorpsgebiede en dorpsaanlegskemas toepas en dienooreenkomstig verslae aan die raad voorlê. Verder moes hierdie komitee ook die dorpsaanlegskemas toepas en die nuwe dorpstigtingaansoeke op landbouhoewes binne die munisipale grense oorweeg. Aanbevelings rakende konsep wysigings aan die dorpsaanlegskema moes ook aan die raad voorgelê word. Die komitee moes ook toestemming vir oprigting van geboue verleen. Die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee moes ook ingelig word oor die gebruik en ontwikkeling van alle raadsgronde.

Hierdie komitee het ook die volgende gedelegeerde bevoegdhede gehad: die oorweging van aansoeke om konsolidasie of onderverdeling van grond, benewens alle wysigings van titelvoorwaardes en bouplanne binne die munisipale grense;

besluite oor die oprigting van advertensieborde, die verslapping van die boulyn op persele en storting van materiaal.[76]

Dié komitee moes toesien dat die raad die regte besluite oor die ordelike ontwikkeling van die gemeenskap volgens 'n neergelegde dorpsbeplanningskema neem.

g) **Die Personeelraadgewendekomitee**

Die verantwoordelikhede van hierdie komitee word later bespreek.[77]

h) **Die Biblioteekkomitee**

Die Biblioteekkomitee het onder beheer van die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee gestaan. Hierdie komitee het uit nege lede bestaan. Die Biblioteekkomitee moes die bestuur en administrasie van die biblioteek beheer en daarvolgens verslag aan die raad gelewer het. Hierdie komitee kon sonder die raad se formele toestemming besluite oor die toepassing van die biblioteekverordeninge en die aankoop van boeke en ander benodigdhede neem.[78]

i) **Gevolgtrekking**

Vereeniging Stadsraad het op basis van hierdie bogenoemde multi-komiteestelsel gefunksioneer. Alle formele raadsbesluite is vooraf deur een van hierdie bogenoemde komitees oorweeg en wat daarvolgens aanbevelings aan die raad vir oorweging voorgelê het.

'n Vertolking van hierdie multi-komiteestelsel deur raadslid R.S. Truter, die burgemeester gedurende die 1953-ampstermyn, verdien vermelding: "Dit het onder my aandag gekom dat daar heelwat kritiek uitgebring word teen die komiteestelsel in die plaaslike bestuur, en die bewering is gemaak dat die stelsel die vernaamste leemte in ons huidige stelsel van plaaslike bestuur is. Persoonlik is ek nie in staat om my met hierdie bewering te vereenselwig nie: myns insiens is die beproefde en algemeen aanvaarde stelsel van 'n aantal komitees wat oor die algemeen dwarsdeur

---

76 Town Council of Vereeniging, Minutes, November 1958 - February 1959, vol. 123: minute, 5 November 1958.

77 Die pligte van die Personeelraadgewendekomitee word in afdeling 6.2.4 wat oor die personeel handel, bespreek, kyk pp.166 e.vv.

78 Town Council of Vereeniging, Minutes, November 1958 - February 1959, vol. 123: minute, 5 November 1958.

Suid-Afrika in swang is nog steeds die beste. Uit my persoonlike ervaring verstout ek my om te beweer dat hierdie stelsel geen vertragings meebring nie, aangesien registrasie magte in minder belangrike sake aan die komitees toevertrou word, en waar die besluit van een komitee onderhewig is aan die goedkeuring of kommentaar van 'n ander komitee, kan daar slegs die beste uitslag verwag word, aangesien die geleentheid om 'n besluit in her-oënskou te neem, soms van groot waarde kan wees. Deur die komiteestelsel word raadslede in staat gestel om hulle toe te lê op die besondere afdelings van die werk waarin hulle die meeste belangstel, en daar is niks wat hulle belet om deel te neem aan die algemene werk van die raad nie. Die komiteestelsel dien as bewys van die demokratiese element in plaaslike besture en ons wil waak teen die invoer van stelsels wat slegs kan en sal bydrae tot 'n verdere insypeling van burokratiese opvattinge in munisipale aangeleenthede."[79]

Vereeniging Stadsraad moes sedert 1962 hierdie multi-komiteestelsel laat vaar en in ooreenstemming met 'n gewysigde ordonnansie op plaaslike bestuur na die Bestuurskomiteestelsel oorskakel.

### 6.2.2.2 DIE BESTUURSKOMITEESTELSEL

Die Bestuurskomiteestelsel het na aanleiding van die Maraiskommissie van Ondersoek na die Stelsel van Plaaslike Bestuur in Transvaal, tot stand gekom. Hierdie kommissie is volgens Administrateurskennisgewing no. 819 van 7 Oktober 1953 onder voorsitterskap van regter J.F. Marais aangestel.[80] Die volgende lede het ook op die kommissie gedien: R.S. Koller, I. Marks, M. Nestadt, H.B. Phillips, J.H. Rauch, F.S. Steyn, B.J. van der Walt en P.Z.J. van Vuuren.[81]

Die doel van hierdie kommissie was om die plaaslike regeringstelsel in Transvaal te ondersoek en voorstelle vir verbetering daarvan aan te beveel. Die voorgestelde verbeterings kan soos volg saamgevat word: die skepping van 'n raad vir bevordering van plaaslike bestuursaangeleenthede; die vervanging van die multi-komiteestelsel deur 'n Uitvoerende Bestuurskomitee en die skepping van 'n nuwe pos naamlik Hoof Uitvoerende Amptenaar wat die Stadsklerk sou vervang.[82]

---

79 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1952/53.

80 Provinsie Transvaal, "Kommissie van Ondersoek insake plaaslike bestuur", administrateurskennisgewing no. 819, ***Offisiële Koerant***, vol. 147, no. 2412, 7 Oktober 1953, p.16.

81 Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die Kommissie van Ondersoek na die stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal***, TP 5/1957, p.1.

82 Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die Kommissie van Ondersoek*** ..., p.13.

Die doel van hierdie voorgestelde raad was om plaaslike bestuursbelange te beskerm, byvoorbeeld waar 'n hoër gesag soos die regering 'n besluit sou neem wat 'n ongewenste uitwerking op plaaslike besture kon hê. Verder moes die raad die etos van die plaaslike besture verhoog.[83] Personeelrade moes ook gestig word om die nuwe uitvoerende komitees by te staan ten einde personeelaangeleenthede te behartig.[84]

Hierdie aanbevelings het 'n mate van politieke en administratiewe outoriteit aan plaaslike owerhede verleen, wat rompslomp uitgeskakel het. Provinsiale ordonnansies het gevolglik sekere bevoegdhede na pl aaslike owerhede afgewentel. Dit het provinsiale beheer oor plaaslike owerhede verslap met slegs oorhoofse beheer en toesig van die Administrateur. Plaaslike owerhede is steeds aan wetgewing en ander provinsiale beheermaatreëls gebind, wat 'n stremmende uitwerking op plaaslike owerhede het. In hierdie opsig kan finansiëlebeheer, personeelbeheer en beperkte gedelegeerde bevoegdhede genoem word.[85]

Die bevindinge en aanbevelings wat in die tweede en derde verslae van die Maraiskommissie uiteengesit is, is deur die Transvaalse Provinsiale Raad kragtens die Ordonnansie op die Beheer van Plaaslike Bestuur, van 1958, aangeneem. Volgens hierdie ordonnansie is die voorgestelde Raad van Advies insake plaaslike bestuur ingestel om die Departement van Plaaslike Bestuur van die Transvaalse Provinsiale Administrasie te ondersteun. Die Raad van Advies moes die Administrateur oor alle aspekte rakende plaaslike bestuur inlig. Dié raad moes ook die uitvoerbaarheid van die Maraiskommissie se aanbevelings ondersoek.[86] Die werksaamhede van die Raad van Advies het op die aanvaarding van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), no. 40 van 1960, deur die Provinsiale Raad uitgeloop.[87]

Hierdie bogenoemde ordonnansie het onder meer bepaal dat daar vanaf Maart 1962, vyfjaarliks, algemene munisipale verkiesings in Transvaal gehou moes word. Na elke vyfjaarlikse verkiesing moes elke plaaslike owerheid met 'n voltrekte meerderheid van stemme lede vir 'n bestuurskomitee verkies. Die lede van 'n Bestuurskomitee word verkies nadat die Burgemeester en Onderburgemeester gekies is. Een lid van die Bestuurskomitee word ook as voorsitter van die komitee verkies. Die ampstermyn van die bestuurskomiteelede het vir vyf jaar geduur. Raadslede kon deur 'n mosie van wantroue,

---

83 B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p.16.

84 Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die Kommissie van Ondersoek ...***, pp.23-26.

85 B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike ...***, p.16.

86 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrtasie in Suid-Afrika***, p.95.

87 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, artikels 1-71, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-14(a).

wat met 'n meerderheidstem op 'n spesiale vergadering aanvaar is, die bestuurskomiteelede van hulle pligte onthef. Nuwe bestuurskomiteelede kon vir die oorblywende ampstermyn verkies word. Volgens die ordonnansie moes 'n vasgestelde kworum vir die bestuurskomitee vasgestel word. 'n Bestuurskomitee moes minstens twee gewone vergaderings per maand hou. Buitengewone vergaderings kon egter deur die voorsitter belê word. Alle plaaslike owerhede moes ook prosedurevoorskrifte vir die werkverrigting van die bestuurskomitee, in oorleg met die Administrateur, opstel. Ooreenkomstig die bogenoemde ordonnansie moes bestuurskomiteelede ook vergoeding volgens sekere voorskrifte ontvang.[88]

Die funksies van 'n bestuurskomitee kan soos volg saamgevat word: om te sorg dat die besluite van die betrokke plaaslike owerheid uitgevoer word; om enige aangeleentheid wat deur die wet of 'n ordonnansie aan die plaaslike besture toevertrou is te oorweeg; om die jaarlikse begrotings van inkomste en uitgawes op te stel; om toesig oor al die fondse, asook die besteding daarvan te hou; om aanstellings te doen in al die poste wat goedgekeur is, behalwe senior poste soos die stadsklerk, geneeskundige beampte en hoofde van departemente wat deur die raad aangestel word; om amptenare te skors, behalwe die bogenoemde senior poste; om al die verantwoordelikhede wat deur die plaaslike owerheid aan die bestuurskomitee gedelegeer na te kom; om maandeliks aan die raad verslag te doen oor die sake wat hanteer is.[89]

Vereenigingse Stadsraad het ook hierdie bogenoemde bestuurskomiteestelsel geïmplementeer. Sedert 1962 is die Bestuurskomitee die spil waarom die stadsraad se werkverrigtinge draai. Die Bestuurskomitee word ook as die enigste amptelike komitee van 'n plaaslike owerheid beskou. Tog het die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, no. 40 van 1960, vir die instelling van bykomende vaste komitees voorsiening gemaak. Die Lisensiekomitees wat alle rade volgens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, no. 17 van 1939, kon instel het na 1960 bly voortbestaan.[90]

Die Bestuurskomitee word dus as die Werkskomitee van die raad beskou. Benewens die pligte uit die ordonnansies moet die Bestuurskomitee met die volle raad en amptenare skakel. Die Bestuurskomitee se belangrikste funksies is die formulering van raadsbeleid, die beheer oor die aktiwiteite van die raad se amptenare, asook die monitering en evaluering van

---

88 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie ...***, pp.95,96.

89 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, artikels 58,59, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal,*** pp.6-9; Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1961 - May 1961, vol. 151: minute, 20 March 1961.

90 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie ...***, p.97

die raad se werksaamhede. Hiernaas moet die Bestuurskomitee die belastingbetalers se geld oordeelkundig spandeer.

Selfs in die hedendaagse opset is die Voorsitter van die Bestuurskomitee se belangrikste taak om leiding te gee aan raadslede en amptenare en om hulle te motiveer. Hy moet ook inisiatief aan die dag lê en insig toon in die raad se omvangryke werksaamhede. Hierdie persoon moet met mense kan saamwerk, begrip openbaar vir alle probleme op raadsgebied en die behoeftes en verwagtinge van die gemeenskap kan akkommodeer. Die Voorsitter van die Bestuurskomitee het ook statutêre magte en bevoegdhede. Hy moet as Voorsitter van Bestuurskomiteevergaderings optree, onderhoude toestaan, inspeksies uitvoer, petisies en klagtes aanhoor, afvaardigings te woord staan, persverslae oor raadsake lewer, leiding oor items op die raad se sakelyste gee en as leier in die raad die raadsbeleid in die openbaar moet kan verdedig.[91]

Hoewel die Bestuurskomitee die bogenoemde verantwoordelikhede het om uit te voer, het die raad die finale besluitnemingsfunksies in die volgende sake behou: die aanstelling en ontslag van hoofde en adjunk-hoofde van departemente en afdelings; die verkryging van tydelike hulp in departemente; die vasstelling van poste op 'n tydelike en permanente grondslag, asook salarisskale en toelaes; die skepping van nuwe poste; die afskaffing van bestaande poste; die wysiging van pligte verbonde aan poste; die bepaling van diensvoorwaardes; die afhandeling van eise van vakbonde of werknemersverenigings; die herorganisasie en afskaffing van departemente en afdelings; die vermeerdering van dagloners in enige afdeling en die bepaling van loonskale, toelaes en ander diensvoorwaardes van hierdie persone; die hantering van alle aansoeke om die onderverdeling van persele, die stigting van nuwe dorpsgebiede en stigtingsvoorwaardes, skenkingsgelde en voorwaardes vir die lewering van noodsaaklike dienste; die hantering van voorstelle vir die stigting en uitbreiding van swart woongebiede in beheer van die raad; die indiening van dorpsaanlegskemas en wysiging daarvan; die goedkeuring van die aanleg en ontwikkeling van openbare parke, sport- en ontspanningsterreine, paaie, strate, sypaadjies en begraafplase asook die straatbouprogram; die benaming van strate, oop ruimtes en ander openbare plekke; die hantering van vrywillige of verpligte aanskaffing van grond, die vervreemding van grond in besit van of beheer van raad; die huur of verhuur van grond in raadsbesit; die oprigting van permanente munisipale geboue; die heffing van enige belasting en tariewe vir dienste; die goedkeuring van lenings en die toekenning leningsbevoegdhede; die goedkeuring van die jaarlikse begroting; die besteding van enige uitgawes volgens die goedgekeurde begroting; die magtiging van enige uitgawe wat nie voorsien is nie; die besluite oor die skenkings van geld of dienste volgens ordonnansies; die aanvaarding van tenders; die goedkeuring of wysiging van verordeninge, regulasies en Reglement van Orde;

91 M.L. Milani, Onderhoud, 5 Oktober 1992, {kasset in besit van die NIVG}.

die aanstelling van waardeerders en waardasiehowe; die aanstelling van raadgewende professionele persone; die aanstelling van raadsverteenwoordigers in komitees, openbare liggame, konferensies en kongresse; die afbakening van wyke en verdeling van wyke in stemdistrikte; die finale beslissing oor enige saak wat deur die Bestuurskomitee of die Stadsklerk aan die raad vir oorweging voorlê word.[92]

Uit hierdie bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat plaaslike owerhede kragtens duidelike en omvattende riglyne funksioneer. Vereenigingse Stadsraad funksioneer op gesag van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, no. 17 van 1939, asook die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, no. 40 van 1960, en enige gewysigde ordonnansie wat van toepassing mag wees.[93]

## *6.2.3 FINANSIES*

Plaaslike owerhede kan nie hulle werksaamhede sonder die nodige finansiering uitvoer nie. Naas provinsiale toegifte is finansiering deur belasting en heffings op dienste die belangrikste inkomste bronne van 'n plaaslike owerheid. Die plaaslike owerheid word ook verantwoordelik gehou vir die doeltreffende aanwending van alle inkomste wat deur die gemeenskap gelewer word. Riglyne moes dus vir die invordering en besteding van alle fondse neergelê word.[94] Plaaslike owerhede se funksies word deur parlementswette, provinsiale ordonnansies en plaaslike owerhede se eie verordeninge beheer. Deur bogenoemde beheer word plaaslike owerhede verplig om sekere funksies te verrig of om die geld vir 'n spesifieke doelwit te gebruik. Inkomstebronne van plaaslike owerhede word ook deur bogenoemde wetgewing uitgebrei of beperk.[95] Die vernaamste inkomstebronne van 'n plaaslike owerheid is belastings wat gehef mag word; boetes wat vir oortredings opgelê mag word; alle administratiewe gelde, lisensiegelde, en toegangsfooie wat deur die raad opgelê word, alle heffings in die lewering van handelsdienste en enige ander gelde of heffings wat deur die raad gehef mag word.[96] Plaaslike owerhede ontvang ook subsidies van die staat en Provinsiale Administrasie, om sekere funksies uit te voer.[97]

---

92 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1961 - May 1961, vol. 151: minute, 20 March 1961.

93 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.23-88,102-152; Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-14(a).

94 W.L.J. Adlem & A. du Pisani (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie ...***, p.93.

95 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie ...***, pp.116,117.

96 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur," no. 17 van 1939, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.23,24.

Daar word van elke plaaslike owerheid verwag om sy finansiële sake op 'n gesonde wyse te beheer. Elke plaaslike owerheid moet jaarliks 'n begroting van alle inkomste en uitgawes aan die Provinsiale Administrasie voorlê.

'n Begroting het normaalweg uit die volgende hoofafdelings bestaan en is ook daarvolgens opgestel.

**FONDSE**

1. Belastingfondse.
2. Handelsfondse.
3. Bantoe Administrasiefonds of Bantoe Inkomsterekening (afhangende van die tydperk wat ter sprake is).
4. Spesiale fondse (byvoorbeeld erwefondse, behuisingsfondse, leningsdelgingsfondse).

Hierdie fondse vorm die belangrikste rekenings waaruit die raad se werksaamhede gefinansier word.

## DIE INDELING VAN 'N BEGROTING

'n Begroting het normaalweg uit die volgende twee dele bestaan:

A. Kapitaalbegroting.

B. Inkomstebegroting.

Behalwe hierdie indeling word die begroting volgens 'n vasgestelde prosedure opgestel.

## DIE SAMESTELLING VAN 'N BEGROTING

Die samestelling van 'n begroting vind in die volgende drie fases plaas:

1. Die opstel of voorbereidingswerk.

2. Die oorweging of goedkeuring van die begrotingsitems deur die raad.

3. Die toepassing en beheermaatreëls.

---

97 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie*** ..., pp.129,130.

'n Begroting is dus 'n belangrike deel van 'n plaaslike owerheid se finansiële funksionering. Plaaslike owerhede het egter beperkte bronne van inkomste om na behore te funksioneer.[98]

Hierdie bogenoemde finansiële stelsel is ook op die Raad van Vereeniging van toepassing. Op finansiële terrein het die Vereenigingse Stadsraad sedert 1912 'n konstante groei getoon. Tabel no. 6.6 toon die groei van die munisipale waardasies in die tydperk 1912-1939 aan:

**Tabel no. 6.6: Munisipale waardasie, 1912-1939**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1912 | £220,000 |
| 1917 | £336,017 |
| 1922 | £385,464 |
| 1927 | £675,779 |
| 1932 | £1,059,336 |
| 1937 | £1,426,124 |
| 1939 | £1,840,900 [99] |

Tabel no. 6.7 toon die groei in die munisipale begroting gedurende 1912-1939 aan:

Tabel no. 6.7: **Munisipale begroting, 1912-1939**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1912 | £7,380 |
| 1917 | £10,575 |
| 1922 | £17,853 |
| 1927 | £24,233 |
| 1932 | £43,594 |
| 1937 | £61,963 |
| 1939 | £83,027 [100] |

Die volgende tabelle toon die groei van die Vereeniging Stadsraad se inkomste- en uitgawebegrotings; die kapitaalgroei en belasbare waardasies, met 10 jaar intervalle aan:

---

98 D.C. van der Berg, "Die begroting van plaaslike besture: met spesiale verwysing na die ideale verdeling van inkomste en uitgawe", *Suid-Afrikaanse Tesourier*, vol. 37, Augustus 1965, pp.161,162.

99 F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging* ..., p.7.

100 F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging* ..., p.7.

**Tabel no. 6.8: Inkomste**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1942 | £153,251 |
| 1952 | £456,383 |
| 1962 | R3 044 414 |
| 1972 | R61 954 806 |
| 1982 | R32 373 497 |
| 1992 | R170 052 020 [101] |

**Tabel no. 6.9: Uitgawe**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1942 | £157,058 |
| 1952 | £469,913 |
| 1962 | R3 088 414 |
| 1972 | R60 581 978 |
| 1982 | R31 845 286 |
| 1992 | R180 940 057 [102] |

**Tabel no. 6.10: Kapitaalbegroting**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1942 | - |
| 1952 | - |
| 1962 | R869 536 |
| 1972 | R333 983 769 |
| 1982 | R8 138 245 |
| 1992 | R29 298 092 [103] |

101 Stadsraad van Vereeniging, Departement van die Stadstesourier, Begrotingsverslae, 1942, 1952, 1962, 1972, 1982 en 1991/92.

102 Stadsraad van Vereeniging, Departement van die Stadstesourier, Begrotingsverslae, 1942, 1952, 1962, 1972, 1982 en 1991/92.

103 Stadsraad van Vereeniging, Departement van die Stadstesourier, Begrotingsverslae, 1942, 1952, 1962, 1972, 1982 en 1991/92.

**Tabel no. 6.11: Belasbare waardasies**

| Datum | Bedrag |
|---|---|
| 1942 | R3 439 608 |
| 1952 | R14 523 666 |
| 1962 | R67 646 549 |
| 1972 | R1 660 895 |
| 1982 | R370 856 142 |
| 1992 | R401 818 662 [104] |

Hierdie tabelle toon die snelle groei in die finansiële stand van Vereenigingse Stadsraad. In die volgende aspek van die plaaslike bestuursontwikkeling sal vasgestel word hoe die profiel van die personeelkomponent ontwikkel het.

## *6.2.4 PERSONEEL*

Personeelvoorsiening, -instandhouding, -opleiding en -benutting is ook aspekte wat duidelike riglyne vereis ten einde onsekerheid en wantroue by werknemers te voorkom. Hierdie doelwit vereis dat die leidinggewende amptenare op hoogte moet wees van die nuutste praktyke ten opsigte van personeelaangeleenthede soos byvoorbeeld keuring, plasing, werwing, opleiding, bevordering, besoldiging, beraadslaging, verlofreëlings en uitdienstredingsreëlings, asook enige ander voordele wat die plaaslike owerheid bied. Personeeladministrasie speel dus ook 'n belangrike rol in die funksionering van 'n plaaslike owerheid.[105]

Sulke personeelaangeleenthede is sedert die vroegste jare van Vereeniging se plaaslike bestuursgeskiedenis in komitees en raadsvergaderings bespreek.

In hierdie opsig kan die besluite oor die funksies van die uitvoerende amptenaar genoem word. Die Sekretaris en latere Stadsklerk was sedert 1904 'n permanente pos. Hierdie persoon moes ook alle komiteevergaderings en raadsvergaderings bywoon en het as notulehouer opgetree. In 1906 is die pligte van die Stadsklerk duideliker omskryf. Benewens die algemene toesig oor die amptenare in die uitvoering van hulle onderskeie pligte, was hy ook vir die notules van die raad en die verskillende komitees verantwoordelik. Die volgende amptenare was ook direk onder sy beheer en aan hom verantwoordelik: die werksvoorman, skutmeester, begraafplaasopsigter en lokasie superintendent. Hy het ook

---

104 Stadsraad van Vereeniging, Departement van die Stadstesourier, Waardasierol, 1942, 1952, 1962, 1972, 1982, 1991/92.

105 W.L.J. Adlem & A. du Pisani (reds.), ***Stedelike politiek en administrasie ...***, p.94.

die mag gehad op pligte aan amptenare te delegeer of om die werksverdeling te reël soos hy dit nodig geag het.[106]

In 1912 het die plaaslike bestuur in Vereeniging volle munisipale status verkry. In hierdie jaar is 'n Dorpsingenieur teen £35 per maand aangestel. Die personeelkorps het gedurende hierdie jaar uit enkele junior amptenare, twee tiksters, die stadsklerk J.C. Hosack, 'n mediese gesondheidsbeampte, dr. J.B. Paton en die lokasie superintendent, H. Niblett, bestaan. Teen 1919 is daar weer 'n dorpsingenieur in die persoon van W.H. Dobson aangestel. In 1921 is 'n elektriese ingenieur, C.B. Foley, aangestel. Die personeelkorps het van net nege amptenare en tiksters gedurende 1912 tot 53 in Desember 1939 uitgebrei.[107]

Die uitbreiding van die dorp het veroorsaak dat die munisipale dienste ook uitgebrei is. Gevolglik het die personeel ook vermeerder. In 1941 is onder andere verskeie nuwe poste geskep en aanstellings gedoen. 'n Nuwe salarisgraderingskema is aanvaar en 'n Personeel Raadgewendekomitee is ook ingestel. Gedurende dieselfde jaar is 'n diensooreenkoms tussen die raad en sy personeel opgestel en aanvaar, wat duidelike riglyne vir alle partye ten opsigte van diensvoorwaardes bevat het.[108]

Hierdie komitee wat gedurende 1941 vir personeelaangeleenthede ingestel is, het ook aanpassings ten opsigte van sy samestelling en verantwoordelikhede ondergaan. Gedurende 1958 is die samestelling van die Komitee vir Personeelsake vasgestel. Die komitee het uit sewe lede, met die Burgemeester as nie-amptelike lid bestaan. Die amptenare is deur drie persone verteenwoordig, wat die komitee se vergaderings as gekoöpteerde lede sonder stemreg kon bywoon.

Die Komitee vir Personeelsake het die volgende verantwoordelikhede gehad: alle reëlings ten opsigte van personeelsake; die skepping van tydelike of permanente betrekkings; die afskaffing, benoeming en hergradering van poste; die bepaling van salarisse, toelae en werksomstandighede; die eise wat deur 'n vakunie gestel word; die plasing en betaling van dagloonwerkers; die hantering van alle algemene sake van die personeel; die verlofvoorwaardes van die personeel; die hantering van enige aangeleentheid wat mag voortspruit uit die ooreenkoms van die raad met sy werknemers; die betaling van vasgestelde vervoertoelaes en die oorweging van die werknemers se motorleningaansoeke.

---

106 TAB, Pretoria, MVE, T238: inventaris, Stadsklerk Vereeniging, pp.1-3; TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/2: Municipal Council meeting, 15 February 1906; TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Municipal Council meeting, 5 January 1905; TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/1: Municipal Council meeting, 1 March 1904.

107 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging*** ..., pp.4,5.

108 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1940/41.

Enige veranderinge wat departementshoofde en adjunk-hoofde van afdelings geraak het, is ook aan die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee vir kommentaar voorgelê.

Hierdie komitee kon egter sonder om die raad te raadpleeg of toestemming te verkry, besluite oor die volgende sake neem: die betaling van bonusse aan werknemers en skenkings aan swart werknemers; die aanstelling volgens wetgewing van gesertifiseerde ingenieurs en bevoegde persone om masjinerie te gebruik of te beheer; die aanstelling en ontslag van leerling-ingenieurs, -tuiniers, vakleerlinge en wysiging van hulle werkooreenkomste; die voorsiening van vakansie-opleiding vir studente en die aanstelling van sulke persone in 'n tydelike hoedanigheid; die bevestiging van aanstelling van lede van die personeel, hoofde en adjunk-hoofde van afdelings uitgesluit; die betaling van fietstoelaes aan personeel; die betaling van spesiale vervoertoelaes; die ontslag van tydelike personeel; die inwag van aansoeke om vakatures; die goedkeuring van verlofaansoeke, spesiale verlof en siekteverlof; die uitbreiding van verloftydperke; die betaling van toelaes; die uitreiking van uniforms en beskermingskledingstukke en die terugbetaling van gelde ten opsigte van verpligte klasbywonings.[109]

Die raad se personeelaangeleenthede word op 'n professionele grondslag bestuur. Deur die jare is verskeie veranderings ten opsigte van die samestelling van die personeelkorps en die indeling van departemente en afdelings aangebring. Tans word die werksaamhede van die raad in die volgende departemente en afdelings behartig.[110]

## KANTOOR VAN DIE STADSKLERK

Die Stadsklerk beklee die amp as Hoof Uitvoerende Beampte en is daarom ipso facto die verantwoordelike persoon waaronder die volgende departemente funksioneer:

---

109 Town Council of Vereeniging, Minutes, November 1958 - February 1959, vol. 123: minute, 5 November 1958.

110 Kyk meegaande organogram.

## *DEPARTEMENT VAN DIE STADSEKRETARIS*

Afdelings:

Administrasie
Kantoor van die Burgemeester
Biblioteek en Museum
Stadskouburg, Stadsaal en Banketsale
Personeeladministrasie
Regsafdeling
Drukwerk
Tikkantoor
Skakeldienste[111]

## *DEPARTEMENT VAN DIE STADSINGENIEUR*

Afdelings:

Administrasie
Stadsbeplanning
Werke
Bou-, Riool- en Watertak
Reinigingsdienste
Rioolsuiweringswerke
Paaie en Stormwater
Bouopname en Watervoorsiening[112]

## *DEPARTEMENT VAN DIE STADSTESOURIER*

Afdelings:

Inkomstekantoor
Uitgawekantoor
Rekenaardienste
Munisipale plase
Varsproduktemark
Magasyn
Streekdiensteraad (SDR) komponent[113]

---

111 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement van die Stadsekretaris, Augustus 1991; G. Kühn, ***Inligtingstuk van die Departement van die Stadsekretaris*** (ongep. inligtingstuk, Departement van die Stadsekretaris, Vereeniging, 5 Oktober 1992)..

112 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement van die Stadsingenieur, Augustus 1989.

113 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement van die Stadstesourier, November 1989.

***DEPARTEMENT OPENBARE GESONDHEID***

Afdelings:

Streekgesondheidsdienste
Kliniekdienste
Gesondheid- en Vleisinspektoraat
Plaagbestryding
Henry Bernstein Hospitaal vir Borskwale (Sharpeville)
Gemeenskapsake[114]

***DEPARTEMENT VAN DIE ELEKTROTEGNIESE EN MEGANIESE STADSINGENIEUR***

Afdelings:

Administrasie en Beplanning
Toets, Konstruksie en Instandhouding
Installasie-Inspektoraat[115]

***DEPARTEMENT BRAND EN NOODDIENSTE***

Afdelings:

Brandweer
Ambulansdienste
Operasionele Opleiding[116]

***DEPARTEMENT LISENSIES***

Afdelings:

Registrasie en lisensiëring voertuie
Handelslisensies en advertensietekens
Toets vir bestuurderslisensies en ondersoek van voertuie
Inspektoraat[117]

---

114 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement van Openbare Gesondheid, s.j.; C.P. Pretorius, ***Inligtingstuk van die Departement van Openbare Gesondheid*** (ongep. inligtingstuk, Departement van Openbare Gesondheid, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

115 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement van die Elektroniese en Meganiese Stadsingenieur, Augustus 1989.

116 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement Brand en Nooddienste, September 1989.

117 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement Lisensies, Augustus 1989.

***DEPARTEMENT VERKEER EN SEKURITEIT***

| Afdelings: |
| --- |
| Burgerlike beskerming<br>Wetstoepassing verkeer<br>Sekuriteit<br>Spesiale dienste[118] |

Hierdie departemente is ook vir die dienslewering van die raad aan die gemeenskap verantwoordelik.

## 6.3 'N OORSIG VAN DIE DIENSLEWERING VAN DIE RAAD IN BELANG VAN DIE GEMEENSKAP

Dit is die senior amptenare se taak om toe te sien dat die raad se administrasie en dienslewering aan die gemeenskap vlot verloop. Die volgende uiteensetting bied 'n oorsigtelike beeld van hierdie dienslewering van die raad deur die bogenoemde departemente aan die gemeenskap.

### *6.3.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE*

Hierdie dienste verteenwoordig die duur kapitaalprojekte wat 'n raad vir die ontwikkeling van 'n gemeenskap moet aanpak en waardeur die lewenstandaard van die inwoners beïnvloed word.

#### 6.3.1.1 ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Voor 1902 is daar nie eintlik pogings aangewend om Vereeniging van elektrisiteit te voorsien nie. Reeds in 1904 is 'n ondersoek deur die destydse plaaslike bestuur geloods, om die vernaamste strate te verlig. Na afloop van hierdie ondersoek is van die plan afgesien, omrede die koste aan so 'n projek te hoog was. Die plaaslike bestuur het later navrae oor die sogenaamde "Kitson Incandescent Linghting"-stelsel gedoen en daarna van die lampe uit London bestel. Hierdie olielampe het ook deeglike instandhouding vereis. Die lampe is op die vernaamste plekke in die dorp opgerig, naamlik in die middel van die stasieterrein, by die stasie se ingang, by die landdroskantoor, die munisipale geboue en by die hek wat toegang tot die myn verleen het. Die instandhoudingskoste van die lampe het jaarliks £60 beloop.[119]

---

118 Stadsraad van Vereeniging, Organogram van die Departement Verkeer en Sekuriteit, November 1989.

119 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.71.

Die Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited (VFTPC) is in 1906 gestig, met die doel om elektrisiteit by die Victoria-waterval op te wek en aan alle verbruikers op die Witwatersrand te versprei. Vanweë tegniese probleme, is die planne nooit heeltemal verwesenlik nie. Die Vereenigingse Kragstasie is in 1912 op die walle van die Vaalrivier deur die VFTPC. opgerig. In 1913 is die kragstasie verder vergroot waardeur die dorp se elektrisifisering ook gebaat het.

Die Vereenigingse Munisipaliteit se eerste elektrisiteit is egter op 6 Januarie 1921 op grootmaat van die VFTPC verkry. Die aanvraag van elektrisiteit in die dorp het ook verhoog namate die dorp verder uitgebrei het. Verskeie substasies en toevoersubstasies moes deur bogenoemde maatskappy en die latere ESKOM opgerig word om die elektrisiteitslas te hanteer.

ESKOM is in 1924 gestig. Hierdie kommissie het volgens die Elektrisiteitwet van 1922 die reg gehad om bestaande elektrisiteitsvoorsieningsondernemings oor te neem. Die gevolg was dat die beheer van die VFTPC geleidelik deur ESKOM oorgeneem is. Die Klipkragstasie is in 1936 gebou waarna die munisipale gebied van Vereeniging met ESKOM se hoogspanningsnetwerk voorsien is.[120]

Die raad het £18,000 van Pretoria Stadsraad teen bykans 4% rente vir 'n periode van 25 jaar geleen, om die elektrisiteitsvoorsiening aan die dorp te finansier. Gedurende die betrokke jaar 1935/36 het 68 nuwe verbruikers van die netwerk gebruik gemaak. Die raad het ook in 1935 160 7809 eenhede elektrisiteit aangekoop.[121]

In 1936 is die elektrisiteitsvoorsieningskema van die dorp voltooi. In hierdie skema is daar ook voorsiening vir verdere uitbreiding gemaak. In 1936 is 1 986 642 eenhede elektrisiteit aangekoop wat 'n verhoging van 378 833 eenhede teenoor die vorige jaar verteenwoordig het.[122]

Die industriële-ontwikkeling van die dorp het ook verder uitgebrei, sodat die groter nywerhede direk deur ESKOM van elektrisiteit voorsien is. Op hierdie wyse is byvoorbeeld USKO, African Cables, McKinnon Chain, Fedmech (Massey-Ferguson), Vereeniging Refractories en Tosa deur ESKOM van krag voorsien. Die totale verspreidingsgebied vir

---

120 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om Grootstadstatus*** (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, Vereeniging, Julie 1982), pp.78-80.

121 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1935/36.

122 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1936/37.

elektrisiteitsvoorsiening in Vereeniging, het in die tagtigerjare 'n oppervlakte van ± 217km$^2$ beslaan.[123]

Die aanvraag na elektrisiteit in Vereeniging het so toegeneem, dat die aantal eenhede wat vir die finansiële jaar 1991/92 verkoop is oor 'n biljoen eenhede getel het. Die groeikoers in die verkoop van eenhede het nagenoeg 10,2% beloop. Die Stadsraad van Vereeniging word ook volgens ESKOM se statistieke as die vyfde grootste munisipale verbruiker in Transvaal en die negende grootste munisipale verbruiker van elektrisiteit in Suid-Afrika beskou.[124]

### 6.3.1.2 WATERVOORSIENING

Gedurende 1892 het die dorpsmense water vir algemene gebruik vanuit 'n boorgat, wat op die hoek van Mainstraat (die huidige Voortrekkerstraat) en Victorialaan geleë was, verkry. Hierdie water is deur die watersmouse aan die inwoners voorsien. Die enigste ander drinkbare waterbronne was boorgate wat deur die inwoners self gesink is. Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog is 'n boorgat op die walle van die Vaalrivier gesink, vanwaar die water deur middel van 'n pyplyding na die watertoring op die markplein gelei is. Vanaf hierdie watertoring is die water deur 'n pypnetwerk aan die res van die dorp versprei. Die waterverbruik het egter die aanbod oorskry. 'n Filternetwerk is later naby die boorgat opgerig wat rivierwater gesuiwer het waarna dit na 'n opgaartenk, wat op die markplein geleë was, gepomp is. Die water is ook deur 'n pypnetwerk aan die inwoners voorsien.

Vereeniging het ook 'n groot rol in die verspreiding van water deur die Randwaterraad gespeel. Gedurende 1913 het die Randwaterraad 'n watersuiweringsaanleg, 'n suiwerwater reservoir en pompinstallasies vir die pomp van gesuiwerde water na die Witwatersrand in Vereeniging opgerig. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die ontwikkeling van hierdie skema egter vertraag. Daar is eers gedurende 1918 'n aanvang met hierdie skema gemaak. Op 22 Julie 1922 is hierdie aanleg van die Randwaterraad amptelik ingebruik geneem. Die grond waarop hierdie skema van die Randwaterraad aangelê is, naamlik die Zuikerbosch watersuiweringswerke, is ook by die munisipale gebied van Vereeniging ingelyf.

Hierdie watervoorsieningskema is in 1934 met die bou van die Vaaldam aangevul. Gedurende 1934 het Vereeniging ook 'n stigterslid van die Randwaterraad geword en sedert 1937 word die munisipale gebied van Vereeniging deur die Randwaterraad van water voorsien. Die water wat van die Randwaterraad ontvang word, word deur 'n

---

123 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.80.

124 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

waterbenuttingstelsel aan die inwoners, nywerhede, sakeondernemings en kleinhoewes versprei.

Na die Tweede Wêreldoorlog moes die Randwaterraad se werke te Vereeniging verder uitgebrei word. In 1954 is die eerste fase van hierdie nuwe uitbreidings geopen, waarna uitbreidings egter voortdurend plaasgevind het.[125]

Voortdurende uitbreiding en verbetering van die watervoorsieningstelsel is deur die raad onderneem. Die stadsraad het ook raadgewende ingenieurs aangestel om 'n nuwe gerekenariseerde model vir die waterstelsel van Vereeniging op te stel. Hierdie model sal die raad in staat stel om alle probleempunte te identifiseer en opgraderings en nuwe uitbreidings op 'n wetenskaplike en ekonomiese wyse te bestuur.[126] Tabel no. 6.12 dui die daaglikse waterverbruik in Vereeniging sedert 1914 aan.

**Tabel no. 6.12: Daaglikse waterverbruik in Vereeniging**

| Jaar | Gellings per dag |
|---|---|
| 1914 | 83 700 |
| 1922 | 83 800 |
| 1932 | 150 000 |
| 1942 | 562 000 |
| 1951 | 2 698 242 |
| 1962 | 5 374 547 |
| 1990 | 37 455 kiloliter per dag[127] |

## 6.3.1.3 RIOLERING

Reeds in 1902 is die noodsaaklikheid van 'n sanitasiestelsel vir Vereeniging besef. Die aanvanklike sanitasiestelsel het uit 'n emmerstelsel en gepaardgaande nagvuilverwyderingsdiens bestaan. Gedurende die dertigerjare is daar van suigtenke en suigtenkwaens gebruik gemaak. Die vinnige uitbreiding van die dorp het egter 'n verbetering

125 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging** ...*, pp.66-70; Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om** ...*, p.82.

126 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

127 W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1914, p.320; W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1922, p.357; W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1932/33, p.462; W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1942/43, p.349; J. Ryan (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1951/52, p.483; W. Albertyn (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1962/63, p.309; South African Association of Municipal Employees, ***Official South African municipal yearbook***, 1990, p.156.

in die rioolstelsel van Vereeniging vereis. In 1931 het ene W.S. Cordier, die stadsingenieur, 'n dreineringstelsel vir die verwydering van afvalwater ontwerp. Hierdie stelsel is later in die dorp geïnstalleer. Voor 1943 is 'n spoelrioolstelsel ook in 'n gedeelte van die dorp ontwikkel. Ene A. Dubey is in 1943 as die eerste rioleringsingenieur aangestel waarna 'n begin met 'n uitgebreide rioolstelsel gemaak is. Die eerste rioolsuiweringsaanleg is in 1955 op 'n stuk grond van die oorspronklike plaas Leeuwkuil inwerking gestel. Die rioolsuiweringswerke het daarna so uitgebrei dat die rioolsuiweringsaanleg met sandfiltrasie en dreinering van die finale uitvloeisel ontwikkel is, wat vir besproeiing gebruik kon word. Die snelle ontwikkeling van die dorp het veroorsaak dat die rioolsuiweringswerke gedurig aangepas moes word, om alle afvalstowwe te verwerk en om aan die vereiste standaarde te voldoen.[128]

Uitbreiding en opgradering van die rioolstelsel in Vereeniging gaan steeds voort om sodoende 'n doeltreffende diens aan die gemeenskap te lewer.[129]

Die lewenskwaliteit van 'n moderne dorpsgemeenskap is enersyds van hierdie bovermelde infrastruktuurdienste afhanklik. Andersyds vorm die volgende gemeenskapsdienste ook 'n noodsaaklike struktuur waarin die Vereenigingse gemeenskap hul dorpsleefwyse kan volvoer.

## *6.3.2 GEMEENSKAPSDIENSTE*

Die gemeenskapsdienste wat hier ter sprake is vorm die sigbare deel van die stadsraad se werksaamhede wat aan die gemeenskap gelewer word.

### 6.3.2.1 DIE BURGERSENTRUM

In die afwesigheid van munisipale geboue is alle raadsvergaderings aanvanklik in die hofgebou gehou.[130] 'n Sinkgebou het later as tuiste vir Vereeniging se plaaslike bestuur gedien. Hierdie sinkgebou is vir 'n hele paar jaar gebruik.[131]

Sedert 1916 het die raad gevoel dat die munisipaliteit in 'n beter gebou gehuisves moes word. Gedurende 1918 het die Finansiëlekomitee van die raad opdrag gekry om fondse vir

---

128 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.83-86.

129 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

130 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.58.

131 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging ...***, p.15.

die bou van doelmatiger munisipale geboue en 'n stadsaal te bekom.[132] Die markplein is as die mees geskikte terrein vir die oprigting van hierdie gebou beskou.[133] Gedurende Augustus 1923 het die raad vir die eerste keer in hierdie nuwe gebou vergader.[134]

In die loop van die dertigerjare het die raad weer begin onderhandel en planne beraam om nuwe munisipale geboue op te rig. Talle skemas en planne is vir baie jare oorweeg. Die finale goedkeuring vir die bou van nuwe munisipale geboue is eers op 14 Augustus 1952 gegee. Die hoeksteenlegging vir hierdie nuwe munisipale geboue het op 30 Oktober 1958 plaasgevind. Die datum vir voltooiing van die hele projek is vir September 1959 gestel.[135] Die kompleks wat teen 'n koste van R777 317 opgerig is, het uit 'n administratiewe blok vir kantore asook 'n raadsaalblok en Burgemeesterskantoor bestaan. Hierdie geboue is op 31 Oktober 1959 amptelik ingebruik geneem.

Hierdie kompleks is later met die oprigting van 'n stadsaal en banketsaal uitgebrei wat op 10 September 1976 amptelik ingebruik geneem is.[136] Die Vereenigingse Stadskouburg is ook by die bestaande kompleks opgerig en amptelik op 11 November 1977 geopen.[137]

Tans bestaan die burgersentrum uit die raadsaalblok, munisipale geboue, belastingsaal en biblioteekgebou.

### 6.3.2.2 DIE BIBLIOTEEK

Die eerste munisipale biblioteek het in 1912 sy deure vir gebruikers geopen. Hierdie diens aan die gemeenskap het 'n kwynende bestaan gevoer en het in die loop van 1919 doodgeloop. Op 22 Februarie 1921 het die burgemeester, raadslid Berkowitz, 'n publieke vergadering gelei om die noodsaaklikheid van die herstigting van 'n biblioteek vir die gemeenskap te bespreek. Tydens hierdie vergadering is 'n tydelike Biblioteekkomitee verkies wat alle sake rondom die instelling en dienslewering van die beoogde biblioteek sou beheer. Die biblioteek is op 1 Oktober 1921 weer vir die publiek oopgestel en het oor 'n voorraad van ongeveer 700 boeke beskik. Gedurende 1923 is die biblioteek in 'n lokaal in die nuwe

---

132 TAB, Pretoria, MVE, band 1/2/3: Council meeting, 10 December 1918.

133 TAB, Pretoria, MVE, band 1/2/3: Council meeting, 8 July 1919.

134 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/12: Council meeting, 28 August 1923.

135 Vaal Teknorama, ***Toespraak ter geleentheid van die hoeksteenlegging van die stadsaal***, verw. 03/7296 (ongep. toespraak, Vaal Teknorama, Vereeniging, 30 Oktober 1958).

136 Vaal Teknorama, ***Toespraak van die burgemeester N.J. van Zyl tydens opening van Vereeniging se stadsaal***, verw. 03/4955 (ongep. toespraak, Vaal Teknorama, Vereeniging, 10 September 1976).

137 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.33,39,40.

stadsaal gehuisves. Mev. Anderson was die eerste bibliotekaris. Sy was vanaf 1 April 1925 teen £7.10.0 per maand in die stadsraad se diens. Die biblioteek het met die nodige finansiële hulp van die stadsraad gaandeweg uitgebrei. Gedurende 1939 was daar 'n verskeidenheid van 5 493 boeke vir die publiek beskikbaar. Die sirkulasiesyfer van boeke het gedurende 1939 nagenoeg 36 784 getel, terwyl die ledetal op 1 143 gereken is.[138]

Van 'n nederige begin in 1912 het hierdie biblioteekdiens van Vereeniging Stadsraad na die volgende uitgebreide diens aan 'n gemeenskap ver buite die stadsgrense ontwikkel: 'n inligtingsdiens; die ontvangs van toergroepe, die aanbieding van lesings, die reëling van uitstallings en opvoedkundige dienste vir volwassenes; die beskikbaarstelling van 'n aktiwiteitskamer vir groepe; die lewering van 'n interbiblioteekdiens vir gebruikers; om as skakel met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te dien; die lewering van 'n weeklikse biblioteekdiens aan tuisgebondenes in Vereeniging; die diens aan kleuterskole; die aanbieding van skoolvakansieprogramme; die storietydaanbiedings vir kinders op voorskoolse vlak; die aanbieding van aktiwiteite op Vrydaemiddae; die bystand wat vir skooltake en -projekte gelewer word; die diens wat deur die hospitaalbiblioteek en takbiblioteek gelewer word; en les bes die uitgebreide boeke voorraad in die kinder-, volwasse- en naslaanafdelings, ondersteun die kultuurontwikkeling van die breë gemeenskap. 'n Biblioteekdiens word ook vir die Indiër- en Kleurlinggemeenskappe voorsien.[139] Die volgende tabel toon die ledetal en boekevoorraad van hierdie biblioteek:

**Tabel no. 6.13: Biblioteek: ledetal en boekevoorraad**

| Jaar | Ledetal | Boekevoorraad |
|---|---|---|
| 1914 | - | 730 |
| 1922 | - | 700 |
| 1932 | - | - |
| 1942 | - | - |
| 1951 | 5 504 | 16 663 |
| 1962 | 9 790 | 309 635 |
| 1972 | 12 916 | 46 798 |
| 1981 | 15 919 | 64 922 |
| 1990 | 21 156 | 15 377 [140] |

138 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging ...***, pp.35-41.

139 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.41-46.

140 W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1914, p.423; W.P.M. Henderson & F.G. Pay (Eds.), ***Official South African municipal yearbook***, 1922, p.410; J. Ryan (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1951/52, p.510; W. Albertyn, (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1962/63, p.433; W. Albertyn (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1971/72, p.459; W. Albertyn (Ed.), ***Official South African municipal yearbook***, 1981/82, p.268; South African Association of Municipal Employees, ***Official South African municipal yearbook***, 1990, p.258.

Die afname in die boekevoorraad is te wyte aan die bruikleenstelsel wat deur die Provinsiale Biblioteekdiens gelewer word.

## 6.3.2.3 DIE MUSEUM

Die Vereenigingse Museum is op 21 Oktober 1966 amptelik deur raadslid A.J. Botha, die voorsitter van die Museum Advieskomitee, geopen.[141] Die volgende funksies word deur die museum verrig: die versameling en uitstalling van museumitems; die dokumentasie, bewaring en restourasie van items; skakeling met die breë gemeenskap; navorsing oor onderwerpe en temas wat van belang geag word; die aanbieding van lesings en ontvangs van groepe; die reël van uitstallings.

Onder die bekwame en entoesiastiese bestuur van mev. Baby Deysel het die museumdiens vanaf 1966 so uitgebrei dat daar in 1991 alreeds met die oprigting van die eerste fase van die Kultuur en Nywerheidsmuseum genaamd Vaal Teknorama op Skippie Bothapark begin is. Hierdie nuwe museumkompleks is in November 1992 amptelik geopen.[142]

Hierdie ultra moderne museumkompleks is ook die eerste streekmuseum wat die gemeenskappe van die Vaaldriehoek bedien. Hierdie kompleks bied 'n verskeidenheid van geriewe, kultuur historiese besienswaardighede en navorsingsmateriaal aan besoekers. Die museum beskik oor 'n kultuur historiese uitstalling, die F.W. de Klerk presidensiële museumsaal en 'n moderne SDR-ouditorium. Die oprigting van 'n volledige mini-plaas, spoorlyn en steenkoolaangedrewe lokomotief en waens, gerekonstrueerde stasiegebou en eerste mynkantore, kanaal en platboomskuite word ook beplan.[143]

## 6.3.2.4 BURGERLIKE BESKERMING

Vereeniging Stadsraad se Burgerlike Beskermingsdienste word deur die Departement van Verkeer en Sekuriteit beheer.[144] Burgerlike beskermingsdienste word sedert 1940-1941 deur die raad gelewer. In die tydperk het die raad 'n bedrag van £650 bewillig om hierdie diens te te bevorder.[145] Sedert 1974 is burgerlike beskerming deur die stadsraad op 'n

---

141 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 28 October 1966: report; Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1966/67.

142 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

143 B. Deysel, *Inligtingstuk van die Kultuur en Nywerheidsmuseum* (ongep. inligtingstuk, Vaal Teknorama, Vereeniging, 18 Mei 1993).

144 J. Maree, *Inligtingstuk van die Departement Verkeer en Sekuriteit* (ongep. inligtingstuk, Departement Verkeer en Sekuriteit, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

145 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1940/41.

meer permanente grondslag geplaas, met die aanstelling van 'n Beheerbeampte Burgerlike Beskerming. Die raad het hierdie diens deur middel van munisipale nuusbriewe, radio bulletins en vergaderings aan die publiek bekendgestel. Die doel van hierdie inligting was om die publiek van die nodige opleiding in burgerlike beskerming bewus te maak en wat van hulle in die verband verwag word. Sedert die instelling van hierdie diens is opleiding aan die gemeenskap van Vereeniging ten opsigte van noodhulp, tuisverpleging en brandbestryding verskaf.

Hierdie burgerlike beskermingsdiens was aanvanklik die enigste organisasie wat die ontruiming van 'n woonstelblok as noodoefening aangepak het. Hierdie paraatheidsoefeninge is so suksesvol voltooi dat 'n A-graderingsertifikaat deur die Departement van Verdediging aan die raad uitgereik is.[146]

Op 5 Mei 1992 het die Burgerlike Beskermingsdienste van Vereeniging Stadsraad 'n verdere mylpaal bereik met die ingebruikneming van die Burgerlike Beskerming Noodbeheersentrum. Hierdie sentrum word op 'n 24-uur basis deur die Departement Verkeer en Sekuriteit beman. Die sentrum skakel ook met die Suid-Afrikaanse Polisie, Burgerlike Beskermingsdienste en ander noodbesture soos die buurtwagstelsel. Deur hierdie sentrum word 'n professionele diens aan die gemeenskap van Vereeniging gelewer.[147]

### 6.3.2.5 LISENSIES

Volgens die bepaling van artikel 2 van die Ordonnansie op Padverkeer van 1966 is Vereeniging as registrasie-owerheid aangestel. Die setel van hierdie streek se Lisensieraad is ook volgens artikel 3(3) van die Ordonnansie op Lisensies van 1974 in Vereeniging gevestig.[148] Hierdie Departement van Lisensies is verantwoordelik vir alle dienste wat volgens die bogenoemde ordonnansies en munisipale verordeninge gelewer moet word.

Die ontwikkeling van hierdie departement het soos volg verloop.

Op 1 Julie 1941 is mnr. H.J. Visser as hoof lisensie- en verkeersbeampte, vir 'n salaris van £414 per jaar, aangestel. Die destydse lisensie- en verkeerskantore is in 'n sinkgebou bo-op 'n waterreservoir gehuisves, wat in die omgewing van die huidige munisipale kantore geleë was.

---

146 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1976/77.

147 G.R. Deyzel, ***Burgerlike beskerming*** (ongep. jaarverslag, Departement Verkeer en Sekuriteit, Vereeniging, 17 Mei 1993).

148 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.50.

Gedurende November 1955 het die raad besluit om nuwe lisensie- en verkeerskantore in Duncanville op te rig. Die lisensie- en verkeersafdelings het hierdie nuwe gebou gedeel, alhoewel die betrokke afdelings op 19 September 1956 geskei is. Mnr. F.J. Tait is destyds as hoof verkeersbeampte aangewys, terwyl mnr. H.J. Visser die pos van hoof lisensiebeampte bekleë het. Gedurende 1960 is hierdie afdelings weens mnr. Tait se bedanking weer gekombineer. Hierdie afdelings is gedurende 1966 weer geskei nadat mnr. W.A. Steyn as hoof lisensiebeampte en mnr. J.J. Döckel as hoof verkeersbeampte aangestel is. Hierdie twee afdelings het sedertdien steeds apart gefunksioneer en is gedurende 1988 tesame met die Brandweerafdeling as drie junior departemente gegradeer.

Die Departement Lisensies bestaan tans uit 35 blanke en nege swart personeellede. Hierdie departement is met die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, die padwaardigheidsondersoeke van alle tipe voertuie, die toetsing van leerling- en bestuurderslisensies, die uitreiking van handelslisensies, die invordering van hondebelastings, die lisensiëring van advertensietekens en verskeie ander lisensiëringstake belas.

Vereeniging se lisensiëringsgebied strek vanaf Grasmere in die noorde tot by Aloe Fjord aan die Vaaldam in die suide. Hierdie gebied is dus baie groter as Vereeniging se munisipale gebied. Daar is tans 123 672 motorvoertuie in hierdie gebied geregistreer, terwyl 26 025 padwaardigheidsondersoeke en 2 702 bestuurderslisensietoetse jaarliks afgeneem word.

Hierdie departement word tans as die sewende grootste lisensie owerheid in Transvaal beskou. Naas Johannesburg, Pretoria en Germiston word die grootste aantal padwaardigheidsondersoeke in Transvaal deur hierdie departement hanteer.[149]

Gedurende 1989 het die aantal geregistreerde plaaslike motorvoertuie die 100 000 kerf oorskry. In die loop van 1990 het hierdie getal verder tot 111 387 registrasies gestyg. Tans is daar reeds meer as 120 000 voertuie in Vereeniging geregistreer. Gedurende 1991/92 is daar ook 5 363 applikante vir leerlinglisensies en 3 341 aansoekers vir bestuurderslisensies getoets.[150]

---

149 F.J. Koen, ***Inligtingstuk van die Departement Lisensies*** (ongep. inligtingstuk, Departement Lisensies, Vereeniging, 1992).

150 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

### 6.3.2.6 MUNISIPALE PLASE

Die Stadsraad van Vereeniging besit ook twee munisipale plase wat deur die Departement van die Stadsingenieur beheer word.[151] Hierdie plase word verder deur 'n Boerderykomitee beheer wat uit raadslede, die Stadstesourier en die Plaasbestuurder bestaan. Die doel van hierdie komitee is om die stadsraad se boerderyondernemings te administreer en aanbevelings aan die Bestuurskomitee voor te lê. Die Leeuwkuilplaas verskaf steeds weidingsfasiliteite teen 'n billike tarief. Kraalfasiliteite, waarin vee kan oornag wat na die slagpale in Vereeniging gebring word, word ook aan slagters verskaf.[152] Op die Waldrift munisipale plaas word hoofsaaklik weidingsgewasse en kontantgewasse verbou. Die volgende aanplantings is gedurende 1991/92 gedoen: 180 hektaar mielies, 26 hektaar sojabone, 50 hektaar tef en 40 hektaar groenmielies. Die beeskudde bestaan uit 'n totaal van 811 diere.[153]

### 6.3.2.7 PARKE EN OOPRUIMTES

In Vereeniging se munisipale gebied is die volgende parke deur die stadsraad vir die gerief van die inwoners ontwikkel: Vosloopark, John van Eedenpark, Van Riebeeckpark, Dickinsonpark, Skippie Bothapark en Mimosapark, wat ruim ontspanningsgeriewe aan die gemeenskap bied.[154]

Oop ruimtes in Vereeniging word ook benut en is goed versorg. Die verkeerseilande, die tuine by die Burgersentrum, die talle parke en speelterreine is voorbeelde van hierdie verfraaiingsbeleid van die stadsraad. Die dorp se parke, oop ruimtes en sypaadjies word verder met straatbome, gras, struike en blomme verfraai, om sodoende 'n netjiese en aangename leefruimte vir die gemeenskap te skep.

Die munisipale skut en die begraafplase is ook voorbeelde van hierdie tipe gemeenskapsdienste wat deur die raad in belang van die inwoners beheer, ontwikkel en in stand gehou word.[155]

---

151 I.P. van den Berg, ***Inligtingstuk van die Departement van die Stadsingenieur*** (ongep. inligtingstuk, Departement van die Stadsingenieur, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

152 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.76.

153 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

154 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

155 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.55,61,62.

### 6.3.2.8 SPORT EN ONTSPANNING

Die Stadsraad van Vereeniging skenk jaarliks groot bedrae geld aan sportverenigings, vir die bevordering van sportgeleenthede vir die gemeenskap. Die Vereenigingse Amateursportunie speel sedert sy stigting in 1933 in hierdie opsig 'n belangrike rol. Die raad onderhandel deur hierdie Amateursportunie met die verskillende sportliggame in Vereeniging. Volgens ooreenkoms met die Vereeniging Amateursportunie oefen die raad ook beheer uit oor die tennisbane en klubgeboue in Lewispark, die rugbyvelde, pawiljoen en klubgebou in Presidentpark, die hokkie- en klubgebou in Lewispark, die rolbalbane en klubgeboue in Joubertpark, die jukskeibane, korfbalbane, klubgebou in Brandmulderpark, die sportfasiliteite in die Dick Fouriestadion, die poloveld in Sonlandpark, die Vaal Modelbootklub in Bedworth Park en die Vaal Radio-beheerde Vliegtuigklub.

Verskeie parke beskik oor 'n verskeidenheid sportfasiliteite wat deur die gemeenskap benut kan word. Party van hierdie ontwikkelde sportterreine is in Brandmulderpark, Vereeniging Buiteklub, Maccauvlei Golfklub, Vaalskouterrein, Riviera Aqautic Club, Dick Fouriestadion, Presidentpark, Lewispark, Joubertpark, die poloveld in Sonlandpark, Vereeniging lughawe, Leeuwkuilpan, Bedworth Park-dam, Van Riebeeck Marina, Roshnee-sportterrein, Rust-ter-Vaal se sportterrein geleë.

Vir die doeleindes van informele ontspanning is die volgende parke deur die raad ontwikkel wat ook in stand gehou word: Vosloopark, John Van Eedenpark, Van Riebeeckpark, Dickinsonpark en Peacehaven-wildpark. Die Duncanville-olimpiese swembad en die Vereeniging-swembad bied eweneens aan sportlui en baaiers 'n uitkoms.

In Vereeniging word ook 'n verskeidenheid van ontspanningsklubs bedryf, wat veral deur die groter nywerhede in die gebied aan hulle werknemers beskikbaar gestel word. Die verskillende internasionale gemeenskappe wat ook in Vereeniging woonagtig is, beskik ook oor eie sportklubs wat aan hulle besondere behoeftes voorsien.[156]

### 6.3.2.9 GESONDHEIDSDIENSTE

Die Departement Openbare Gesondheid van die Vereenigingse Stadsraad lewer die gesondheidsdienste waarvoor die raad verantwoordelik is. Die dienste wat gelewer word sluit persoonlike en nie-persoonlike gesondheidsdienste, toesig oor parke, reinigingsdienste en gemeenskapsake in.[157]

---

156 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.55-61.

157 C.P. Pretorius, ***Inligtingstuk van die Departement Openbare Gesondheid*** (ongep. inligtingstuk, Departement Openbare Gesondheid, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

Op die persoonlike dienstevlak word dienste aan wit, swart, Kleurling- en Indiërgemeenskappe gelewer. Hierdie dienste wat by klinieke aan die publiek verskaf word sluit dienste in soos voor- en nageboortedienste, daaglikse buitepasiëntedienste, dienste met betrekking tot veneriese siektes, gesinsbeplanningsklinieke, beheer oor aansteeklike siektes, kankerklinieke, tuberkulose en X-straaldienste en geriatriese dienste aan bejaardes.[158] Vereeniging is sover bekend ook een van slegs twee dorpe in Transvaal, wat 'n tuberkulose afsonderingshospitaal, die Henry Bernstein hospitaal, bedryf.[159]

Die nie-persoonlike dienste word deur die Gesondheidsinspektoraat behartig, wat inspeksies oor 'n verskeidenheid van sake uitvoer. Toesig word veral oor die higiëniese produksie en verkoop van alle voedselprodukte en melkverspreiding by handelsondernemings, asook die nakoming van gesondheidsregulasies en die voorbereiding van etes by byvoorbeeld kinderbewaarhuise en kleuterskole uitgeoefen. Die slagpale wat voorheen onder die beheer van die stadsraad was, word tans deur 'n privaatmaatskappy bedryf. Die raad het egter nog 'n Hoofvleisinspekteur, een Senior- en sewe Juniorvleisinspekteurs by die slagpale in diens geneem om vleisinspeksies uit te voer. Pesbestryding word ook deur hierdie departement uitgeoefen, veral vir die beheer van rotte, vlieë en muskiete.[160]

In die jongste tyd het die departement 'n bykomende taak op hande. Dit is die inspeksies van voedselverkope van die informele sektor. Hierdie diens moet enersyds die nakoming van gesondheidsregulasies kontroleer en rommelstrooiïng bekamp. Die lugbesoedeling wat in die Vaaldriehoek voorkom hou ook 'n gesondheidsgevaar in en moet deur hierdie departement in oorleg met ander betrokke instansies gemonitor word.[161]

Gemeenskapsake waarby hierdie departement betrokke is wentel om bystand aan hulpbehoewende mense. Dit sluit ondersteuning soos die verskaffing van behuising en om persone wat in haglike omstandighede woon se leef- en woonomstandighede te verbeter, in.[162]

---

158 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.52.

159 C.P. Pretorius, ***Inligtingstuk van die Departement Openbare Gesondheid*** (ongep. inligtingstuk, Departement Openbare Gesondheid, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

160 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.53.

161 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

162 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

## 6.3.2.10 BRANDWEER EN AMBULANSDIENSTE

Die brandweer en ambulansdienste word deur die Departement Brand en Nooddienste gelewer. Die huidige aantal personeel wat vir hierdie dienste verantwoordelik is, is 46 blankes en ses swartes.[163] Gedurende die 1991/92 ampstermyn is 695 noodoproepe hanteer, wat uit 637 brandoproepe, 51 oproepe vir reddingswerk en sewe oproepe vir spesiale dienste bestaan het.

Die brandweer lewer ook die volgende dienste aan die gemeenskap: brandvoorkomingsinspeksies, die goedkeuring van bouplanne in soverre dit om brandvoorkoming gaan, die toepassing van vlambare vloeistofregulasies, die verskaffing van bystanddienste, die verskaffing van opleiding aan die publiek in brandbestryding en noodhulp.

'n Totaal van 5 689 pasiënte is per ambulans na verskillende hospitale vervoer. Alle personeel in die departement word deeglik opgelei om hierdie bogenoemde dienste aan die gemeenskap te verskaf.[164]

## 6.3.2.11 MAATSKAPLIKE DIENSTE

'n Verskeidenheid van maatskaplike-, sosiale- en welsynsdienste word in Vereeniging aan die gemeenskap gelewer. Die dienste word nie in alle gevalle deur die stadsraad gelewer nie, maar deur kerke, private instansies en die staat voorsien. Dit is dienste wat onder andere deur die Christelike Alkoholistediens van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk, die Christelike Maatskaplike Raad van Vereeniging, die Departement van Mannekrag, die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, die Eureka Sentrum, die Heilsleër, die Jeugsentrum, die Kindersorgvereniging van Vereeniging, die Kreupelsorgvereniging, die organisasie Mobiele Etes vir Bejaardes, die Nasionale Kankervereniging, die Ondersteuningsraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme, die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, die South African Red Cross Society, die St. John's Ambulansbrigade, die Suiderkruisfondskomitee, die Verenigde Genootskap van Serebraalverlamdes van Suid-Afrika en die Dierebeskermingsvereniging, gelewer word.[165]

---

163 B.B.J. Barnardt, ***Inligtingstuk van die Departement Brand en Nooddienste*** (ongep. inligtingstuk, Departement Brand en Nooddienste, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

164 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

165 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.71-74.

## 6.3.2.12 VERKEERBEHEER

Die Departement Verkeer en Sekuriteit van die Vereeniging Stadsraad lewer die volgende dienste aan die gemeenskap: alle verkeersdienste, sekuriteitsdienste en aanverwante burgerlike beskermingsdienste.[166] Die meegaande tabelle toon die omvang van die bogenoemde dienste gedurende die tydperk 1 Januarie - 31 Desember 1991:

**Tabel no. 6.14: Verkeersdienste, 1 Januarie - 31 Desember 1991**

| Diens | Getal |
|---|---|
| Dagvaardigings uitgereik | 28 242 |
| Afkoopboetes uitgereik | 30 288 |
| Begrafnisbegeleidings | 305 |
| Abnormale vragte begelei | 198 |

| Inkomstebron | Bedrag |
|---|---|
| Inkomste uit boetes | R1 135 320,15 |
| Inkomste uit parkeermeterfooie | R530 421,00 |
| Inkomste uit maandparkering | R47 247,00 |
| Inkomste uit begeleidings | R5 600,00 |
| Inkomste uit geskutte voertuie | R2 380,00 |
| Inkomste uit ongeluksplanne | R300,00 |
| Inkomste uit diverse dienste | R4 610,00 |

| Nooddienste | Getal |
|---|---|
| Aantal ongelukke | 3 519 |
| Noodlottig | 23 |
| Ernstige beserings | 42 |
| Ligte beserings | 541 [167] |

---

166 L.J. Maree, ***Inligtingstuk van die Departement Verkeer en Sekuriteit*** (ongep. inligtingstuk, Departement Verkeer en Sekuriteit, Vereeniging, 5 Oktober 1992).

167 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

## 6.3.2.13 VARSPRODUKTEMARK

Die mark in Vereeniging het reeds in 1913 bestaan. Op daardie stadium is die Stadsklerk ook die taak opgelê om as markmeester op te tree. Teen ongeveer 1925 is die eerste markmeester teen 'n salaris van £15 per maand aangestel.[168] Hierdie markperseel was op die oorspronklike markplein geleë.

'n Nuwe markgebou is op 'n gedeelte van die plaas Leeuwkuil gebou en in 1959 ingebruik geneem. Hierdie markgebou is deur die stadsraad se Ingenieursdepartement ontwerp. Die groot marksaal is nie deur pilare ontsier om die dak te dra nie. 'n Plaaslike ingenieursfirma Stewarts & Lloyds het die dakstruktuur van 100 voet lange halfmaanvormige pype vervaardig wat aan weerskante op betonstrukture rus. Hierdie ontwerp het vrye beweging op die markvloer tot gevolg gehad. Die markruimte het met verloop van tyd onvoldoende geraak. Hierdie markgebou is vergroot en op 4 Julie 1977 geopen.

Die Vereenigingse Varsproduktemark was reeds in Februarie 1979 die negende grootste van die 14 nasionale varsproduktemarkte in die land en die derde grootste in Transvaal.[169] Gedurende die 1990/91 boekjaar was die omset van die mark R35 136 804, wat 'n produkte massa van 63 062 metrieke ton verteenwoordig het. Na afloop van hierdie boekjaar het die mark 'n inkomste van R2 101 835 getoon, wat na aftrekking van R1 758 633 se uitgawes 'n wins van R343 202 opgelewer het. Die mark is ook deur die vestiging van 'n groothandelvoedselsentrum verder uitgebrei.[170]

## 6.3.2.14 SLAGPALE

Sedert die vroeë vestigingsfase het die raad toesig oor die slag van vee gehou. Reeds in 1913 het die raad die moontlikheid vir die oprigting van 'n munisipale slagplaas bespreek. Die slagpale is waarskynlik in 1915 opgerig, omrede daar gedurende hierdie jaar bywette deur die raad vir die gebruik van die slagpale opgestel is. Hierdie slagpale was agter Vereeniging Hoërskool geleë. Hierdie fasiliteite is met verloop van tyd vergroot en uitgebrei. In 1934 is byvoorbeeld nuwe geboue ingebruik geneem wat vir baie jare aan die gesondheidsvereistes sou voldoen.[171]

---

168 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging*** ..., pp.18,19.

169 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., pp.75,76; vgl. ook Anon., "New market hall at Vereeniging", ***Construction in Southern Africa,*** vol. 4, no. 7, October 1959, pp.39,41,77.

170 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

171 F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging*** ..., pp.20-25.

'n Ministeriële aankondiging oor gesondheidsmaatreëls wat by abattoirs toegepas moes word, het die stadsraad genoop om gedurende 1952 planne te begin beraam om nuwe slagpale teen 'n beraamde koste van £250,000 op te rig. Hierdie kompleks wat uit 'n slagsaal, by-produktesaal, verkoelingsgebou en ander noodsaaklike geboue bestaan, is beplan om daagliks 150 beeste, 20 kalwers, 300 skape en 100 varke te slag. Die firma Brian Colquhoun & Vennote van Johannesburg het as raadgewende ingenieurs vir hierdie projek opgetree.

Hierdie moderne abattoir is aan die suidwestekant van Vereeniging opgerig aangesien dit gunstig vir pad- en spoorvervoer, asook die heersende winde en blootstelling aan die son, geleë is. Hierdie abattoir is as 'n voorbeeld vir ander plaaslike owerhede beskou. Die stadsraad het tot 1976 beheer oor hierdie slagpale uitoefen. Op 2 Januarie 1976 is die slagpale aan Vereeniging Abattoirs (Edms.) Beperk verkoop.[172]

Aangesien hierdie slagpale in Vereeniging ooreenkomstig die spesifikasies van die wet op abattoirs opgerig is, dien dit onder meer as die streekslagpale vir die Vaaldriehoek.[173]

Teen die agtergrond van hierdie uitgebreide dienste wat deur die raad aan die gemeenskap gelewer word, kan die rol wat die inwoners in die werksaamhede van die stadsraad vervul, vervolgens bepaal word.

## 6.4 GEMEENSKAPSVERTEENWOORDIGING

Die inwoners van dorpe of stede het sekere plaaslike behoeftes, wat nie altyd deur die sentrale en provinsiale owerhede voorsien kan word nie. Die plaaslike owerhede wat deur die gemeenskap verkies word is om dié rede die regte owerheidsliggaam wat die behoeftes en belange van hulle onderskeie gemeenskappe kan aanspreek en dit ook aan die hoër owerheidsinstellings bekend maak. Op hierdie wyse word die eiesoortige aard en behoeftes van elke plaaslike gemeenskap beskerm. Die nywerheids-, mynbou-, sake-, administratiewe en politieke belang van elke gemeenskap behoort daarom voortdurend in die plaaslike regering en administrasie van dorpe en stede weerspieël te te word.[174]

---

172 L.E. Fletcher, "Municipal enterprise at Vereeniging: new abattoir and complete plant described", *Municipal Affairs*, vol. 17, no. 204, August 1952, pp.15-;25; Anon., "Vereeniging's abattoir: notes on its planning, design and construction", *Municipal Affairs*, vol. 23, no. 273, May 1958, pp.21,41; Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1976/77.

173 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, pp.273,274.

174 W.L.J. Adlem, "Plaaslike owerhede en konstitusionele vernuwing", D.J. van Vuuren & D.J. Kriek (reds.), *Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika: grondslae en perspektiewe*, p.363.

In hierdie afdeling word die gemeenskapsverteenwoordiging soos in die munisipale verkiesings weerspieël is, die verpligtinge en funksies van raadslede, die ampsdraers, die magte en bevoegdhede van munisipale rade, asook die raadsvergaderings en openbare skakeling van raadslede, beskryf. Hieruit kan 'n beeld van nog 'n faset van die werkverrigting van die plaaslike owerheid in Vereeniging gevorm word.

## *6.4.1 MUNISIPALE VERKIESINGS IN VEREENIGING*

### 6.4.1.1 ORDONNANSIE VOORSKRIFTE

Munisipale verkiesings is op 'n gereelde basis in Vereeniging gehou, om sodoende te verseker dat die verkose raadslede die gemeenskap se ondersteuning geniet. Die munisipale verkiesings is kragtens die volgende tersaaklike provinsiale ordonnansies gehou.[175] Hierdie ordonnansies bevat voorskrifte van die verskillende aspekte wat tydens 'n munisipale verkiesings nagekom moet word:

Wyke en stemdistrikte: Voorskrifte rakende hierdie saak behels die bepaling van wyke en verkryging van 'n kieserskwota; die aanstelling van 'n Afbakeningskommissie en die metode van indeling van wyke; die bevoegdhede en pligte van sodanige kommissie; die vasstelling van 'n kieserskwota vir die verskillende wyke; die verandering van die grense van die munisipaliteit; en die bepaling van die aantal stemdistrikte vir die verkiesing.

Kiesers en kieserslys: Hierin word die kwalifikasies van kiesers uiteengesit; voorskrifte vir die opstelling van kieserslyste gegee; die verduideliking van die aansoek van 'n eienaar van belasbare eiendom wat as kieser ingelyf wil word; voorskrifte uiteengesit vir kieserslyste wat vir insae beskikbaar gestel moet word; voorskrifte vir die byhou van kieserslyste word in hierdie bepaling beskryf; en die hantering van foute in kieserslyste word ook verduidelik.

Raadslede: In hierdie bepaling word die kwalifikasies en diskwalifikasies vir kandidate wat hulle as raadslede verkiesbaar stel verduidelik; die aantal raadslede wat verkies moet word vermeld; die duur van die ampstermyn van raadslede vermeld; die wyse waarop 'n vakature in 'n wyk gevul moet word, verduidelik.

Verkiesingsriglyne: Die wyse waarop die eerste verkiesing en daaropvolgende algemene verkiesings gevoer moet word; die verkiesingsreëlings in wyke of stemdistrikte verduidelik; die pligte van die kiesbeampte uiteengesit; riglyne oor die kennisgewing van verkiesing en nominasiedag gegee; die nominasieprosedure van kandidate uiteengesit; die betaling van die deposito van kandidate gestipuleer; riglyne vir die openbare aankondiging van nominasies,

---

175 Provinsiale Administrasie Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 39-47(a), Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte Ordonnansies van Transvaal***, pp.18-23.

die bekendmaking van die name van kandidate en ander besonderhede neergelê; die voorskrifte in verband met die terugtrekking van 'n kandidatuur vermeld; die hantering van onbestrede kandidate verduidelik; die hoeveelheid stemburo's verduidelik; die aanstelling van beamptes en reëlings vir verkiesing uiteengesit; die bevoegdhede van die voorsittende beampte vermeld; die plekke van stemming en die wyse van stemming bepaal; die hantering van bedorwe stembriewe en besware teen kiesers verduidelik; die prosedure na sluiting van stemlokaal verduidelik; die vasstelling en uitslag van stemming bepaal; die voorskrifte in verband met die hantering van alle verkiesingstukke uiteengesit; die hantering van die pligversuim deur kiesbeampte of voorsittende beampte verduidelik.

Verkiesingsuitgawes: In hierdie gedeelte word die geoorloofde verkiesingsuitgawes vermeld; die aanstelling van die verkiesingsagent en stemagente verduidelik; die aankoop van klere en die aanstelling van bodes vermeld; die betaling van verkiesingsuitgawes verduidelik.

Korrupte en onwettige bedrywighede in verband met verkiesings: Hierin word die optrede teen ongeoorloofde trakteerdery, beïnvloeding en omkopery van kiesers in stryd met ordonnansie, neergelê; optrede teen die korrupte verkryging van 'n kandidatuurskap of terugtrekking daarvan asook die ongeoorloofde verspreiding van biljette en plakkate en plekke van vergaderings uiteengesit.

Algemeen: Die uitgawes in verband met verkiesing; die leiding van die Administrateur in verband met die vertolking van die betrokke ordonnansies; die regulasies met betrekking tot die verkiesing verduidelik; die algemene straf vir oortredings; die herroeping en wysiging van ordonnansies en wette, word in hierdie bepaling uiteengesit.[176]

Uit hierdie bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat verkiesings ordelik en streng volgens 'n groot hoeveelheid voorskrifte uitgevoer moet word.

### 6.4.1.2 MUNISIPALE VERKIESINGS TE VEREENIGING

Die eerste munisipale verkiesing in Vereeniging is volgens die Munisipale Verkiesingsordonnansie van 1912 gehou. Die verkiesing het op die laaste Woensdag van Oktober 1913 plaasgevind. Die volgende kandidate is die eerste raadslede wat ingevolge hierdie ordonnansie deur die gemeenskap verkies is:

176 S.A. Lombard (samesteller), ***Gekonsolideerde ordonnansies van Transvaal, 1902-1947***, deel 1, pp.320-390; Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Munisipale verkiesingsordonnansie", no. 16 van 1970, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-55; Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 40 van 1960, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.1-14(a).

Dr. T.N. Leslie

W. Mallinson

M. Katzen

M. Patlansky

E. Rood

A. Berkowitz

E.E. Briggs

Dr. H. Chapman

H. Northmore.[177]

Sedert hierdie eerste munisipale verkiesing in Vereeniging in Oktober 1913 het verskeie munisipale verkiesings volgens die bogenoemde ordonnansievoorskrifte plaasgevind. Hierdie munisipale verkiesings het verseker dat die gemeenskap voortdurend raadslede volgens hul keuse kon verkies. Die verkiesingsuitslae in die tydperk 1914-1938 kon nie opgespoor word nie. Alle ander munisipale verkiesingsuitslae is in bylae B vermeld.[178]

## *6.4.2 VERPLIGTINGE EN FUNKSIES VAN RAADSLEDE*

### a) Voorwaardes waaronder raadslede dien

Die kwalifikasies waaraan kandidate in 'n munisipale verkiesing onderworpe is, vorm in 'n sekere sin die voorwaardes vir die raadslidsamp wat beklee moet word. Hierdie kwalifikasies het ook ten doel om eerbare individue in 'n Munisipale Raad op te neem. In die provinsiale ordonnansies word ook definitiewe voorwaardes vir die gedrag van raadslede uiteengesit.[179]

### b) Funksies van 'n raadslid

Daar word nie spesifieke funksies aan 'n raadslid opgedra nie. In die algemeen het raadslede die volgende funksies om na te kom:

- 'n Raadslid word deur die kiesers van 'n wyk verkies om hulle te verteenwoordig. Die raadslid moet dan toesien dat dié kiesers se behoeftes

---

177 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/4: municipal election, notice no. 23 of 1913, 1 October 1913.

178 Kyk bylae B, pp.457 e.vv.

179 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 39-37(a), Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.18-23.

en wyksbelange ten opsigte van plaaslike administrasie en dienste bevredig word.

- Daar moet 'n tweerigting kommunikasie tussen 'n raadslid en sy kiesers bestaan. Hy moet uitvind wat hulle van hom as verteenwoordiger verlang en hierdie behoeftes met die dorpsbelang versoen en uitvoer.

Dit is egter so dat die gemeenskap of kieserskorps min belangstelling in munisipale sake toon, met die gevolg dat min beheer oor raadslede se doen en late uitgeoefen word. Die aard van die wyk wat 'n raadslid verteenwoordig bepaal ook watter versoeke 'n raadslid ontvang en waaraan hy uit die aard van sy amp aandag sal moet gee. 'n Raadslid moet ook in sy werksaamhede die kuns aanleer om vertoë en begeertes van kiesers objektief te benader en realistiese voorstelle en oplossings daarvoor te vind.

'n Raad vergader gewoonlik net een keer per maand, daarom moet sub-komitees van die raad op 'n deurlopende basis aan verskeie sake aandag gee. Die komitees gee die raadslid die geleentheid om op hoogte te kom van verskeie sake, wat vir die gemeenskap van belang is. Hy moet op die raad met waardigheid dien en die vooruitgang van die dorp en gemeenskap nastrewe. Die raadslede vorm deel van 'n span en moet sodanig optree.

Die titel Raadsheer word aan raadslede met 'n uitmuntende loopbaan toegeken. Die titel bring nie addisionele pligte mee nie. Dit beteken dat die raadslid 'n gesiene persoon in die gemeenskap is, wat met waardigheid en voorbeeldigheid moet optree. Die toekenning vind op 'n puntestelsel plaas. Vir elke jaar wat die persoon 'n raadslid is word 'n punt toegeken, as die persoon die amp van Burgemeester, Onderburgemeester, Voorsitter van die Bestuurskomitee of lid van die Bestuurskomitee beklee het, word daar bonuspunte aan die raadslid toegeken. Indien 'n raadslid 25 punte behaal kwalifiseer hy om met die toestemming van die raad as 'n Raadsheer van daardie raad aangespreek te word.[180]

Daar word ook van raadslede verwag om die raad op plaaslike komitees en organisasies te verteenwoordig. Die indeling van die raadslede van die Vereenigingse Stadsraad op verskillende komitees is in bylae C vermeld. Hierdie bylae gee 'n oorsigtelike beeld van die betrokkenheid van die raadslede by plaaslike organisasies en verenigings.[181]

---

180 M.L. Milani, Onderhoud, 5 Oktober 1992, {kasset in besit van die NIVG}.

181 Kyk bylae C, pp.475 e.vv.

Tydens raadsvergaderings moet raadslede aan die beraadslaging deelneem. Alle verslae en of items wat voor 'n raad dien word deur die amptenare van die verskillende departemente opgestel. Daarna word dit deur verskeie van die bogenoemde komitees oorweeg en met hulle aanbevelings aan die raad vir oorweging voorgelê. Die raad neem dan die aanbevelings aan of verwerp dit. Elke raadslid kan egter nie oor alle sake wat op die agenda verskyn 'n debat voer nie. Raadslede moet deur middel van hulle verteenwoordiging in komitees, oor veral die sake wat hulle kennis van dra, 'n bydrae in raadsvergaderings lewer. Daar moet deur elke raadslid teen passiwiteit gewaak word.[182]

Daar word ook van 'n raadslid verwag om op hoogte te wees van parlementêre wette, provinsiale ordonnansies en munisipale verordeninge. Hulle moet ook, indien moontlik, op hoogte wees van boeke en tydskrifte wat oor munisipale aangeleenthede handel. Sodoende sal raadslede 'n wesentlike bydrae kan lewer oor alle aspekte van plaaslike owerhede.

Daar word van 'n raadslid verwag om raadsvergaderings en komiteevergaderings by te woon, sodat hulle op hoogte kan wees van alle vraagstukke waarmee die raad te doen het. Raadslede moet ook op hoogte wees van die uitvoering van raadsbesluite en dienslewering. Hulle moet egter in die saak nie net aandag aan hulle eie wyke gee nie, maar ook aan die munisipale funksionering in sy geheel. Daar word ook van raadslede verwag om goeie verhoudings met mekaar en alle ander amptenare van die raad te handhaaf.[183]

Indien raadslede genoemde funksies nakom, kan hulle 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van 'n plaaslike bestuur lewer.

'n Taakgroep van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika het in die tagtigerjare 'n gedragskode vir plaaslike owerhede opgestel, wat in Maart 1987 deur hierdie bestuur aanvaar is. Die gedragskode is aan alle plaaslike owerhede versprei. In die gedragskode word veral op die persoonlike gedrag van raadslede en hul onderlinge verhoudinge gelet. Hierdie kode bevat die volgende bepalings: raadslede se verhouding teenoor die publiek; raadslede se verhouding teenoor amptenare; die raadslede se verhouding met die volle raad en individuele raadslede.

Die raadslid se verhouding tot die publiek word in hierdie kode as 'n skakelbeampte gesien, wat die betrokke raad se naam hoog moet hou en die belange van die publiek

---

182 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie*** ..., pp.65,66.

183 Vgl. J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie*** ..., pp.65,66.

eerste moet stel. 'n Raadslid mag nie deur persoonlike gevoelens en beskouings in sy amptelike pligte beïnvloed word nie.[184]

c) **Ampsdraers: die burgemeester en onderburgemeester.**

Stadsrade word verplig om 'n burgemeester en onderburgemeester volgens provinsiale ordonnansies te verkies.[185]

'n Burgemeester en onderburgemeester word jaarliks verkies. Die burgemeester is gewoonlik die voorsitter by elke raadsvergadering, tensy hy volgens ordonnansie verbied word om in sekere gevalle as voorsitter op te tree. Die burgemeester word gewoonlik nie met administratiewe take belas nie. Hy word as die eerste burger van sy dorp/stad gesien. Hy tree namens die inwoners by geleenthede van openbare belang op. Tog kan 'n burgemeester ook spesiale vergaderings belê, om sodoende sy amptelike funksies uit te voer.[186] Die toelaag wat 'n burgemeester ontvang word in 'n spesiale bankrekening inbetaal. Die burgemeester en 'n beampte wat deur die stadsraad aangewys word, besluit hoe die toelae bestee gaan word. Die toelaag is ook nie aan ouditering onderworpe nie. 'n Persoonlike toelaag van hoogstens een derde van die burgemeesterstoelaag kan ook aan die burgemeester uitbetaal word. Die besteding van die persoonlike toelae is nie aan ouditering onderworpe nie en die burgemeester kan self daarvoor teken.[187]

---

184 Town Council of Vereeniging, Correspondence, 16 January 1988 - 20 January 1992, file 53/2, vol. 15: code of conduct for local authorities, n.d.

185 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 16-18, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.10-12; kyk bylae D, pp.482 e.vv.

186 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie ...***, pp.68-71.

187 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 16-18, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.10-12.

Die burgemeesterstoelae van Vereenigingse Stadsraad het in die tydperk 1922-1992 soos volg gestyg:

| Datum | Naam | Bedrag |
|---|---|---|
| 1922 | L. Abrahams | £150 [188] |
| 1933 | J.H. Dickinson | £250 [189] |
| 1942 | W.J. Ball | £600 [190] |
| 1951 | J.W. Kruger | £1,020 [191] |
| 1962 | D.J. Malan | R2 250 [192] |
| 1972 | J.J. Swanepoel | R3 900 [193] |
| 1982 | S.J. Gross | R6 000 [194] |
| 1992 | C.R. Kleynhans | R28 800 [195] |

Die onderburgemeester tree in die plek van die burgemeester op, indien laasgenoemde nie beskikbaar is nie. Die onderburgemeester geniet egter nie uitsonderlike voorregte nie. In sommige gevalle kan hy ook toelaes betaal word, om hom te help om sy ampspligte na te kom.[196]

d) **Magte van munisipale rade**

Munisipale rade beskik net soos die sentrale owerheid oor sekere magte en bevoegdhede. Plaaslike owerhede gebruik net soos die sentrale owerheid aangestelde amptenare om alle uitvoerende werksaamhede te behartig. Munisipale rade beskik ook oor wetgewende magte, aangesien munisipale verordeninge

188 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/11: special Town Council meeting, 1 November 1922.

189 TAB, Pretoria, MVE, band 1/1/28: special Town Council meeting, 3 November 1933.

190 Town Council of Vereeniging, Minutes, November 1942 - October 1943, vol. 3: extract from minutes of a special Town Council meeting, 2 November 1942.

191 Town Council of Vereeniging, Minutes, 5 November 1951 - 29 April 1951, vol. 60: special Town Council meeting, 6 November 1951.

192 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1962 - August 1962, vol. 160: special Town Council meeting, 14 March 1962.

193 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1972 - June 1972, vol. 261: special Town Council meeting, 8 March 1972.

194 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1982 - February 1983, vol. 365: special Town Council meeting, 10 March 1982.

195 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1992 - June 1992, vol. 438: special Town Council meeting, 18 March 1992.

196 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie** ...*, p.71.

afgedwing en oortreders gestraf kan word. Hierdie uitgangspunte word deur die volgende vier eienskappe van munisipale rade gestaaf:-

- Elke munisipale raad het ook 'n regtelike funksie en wel in die sin dat 'n raad in sy naam as regspersoon en eiser en verweerder in regsgedinge kan optree. Dié handeling kan uitgevoer word om te sorg dat sy werksaamhede en bevoegdhede erken en reg uitgevoer word.

- Munisipale rade dra ook die kenmerk van 'n politieke entiteit, omrede kiesers van afgebakende gebiede raadslede verkies. In Vereenigingse Stadsraad word daar tans politieke debatte rondom kontensieuse sake gevoer.

- Munisipale rade het ook die reg om belastings op vaste eiendom en handelsdienste te hef, om sodoende geld te verkry om hulle werksaamhede voort te sit.

- Munisipale rade beskik ook oor 'n sekere mate van outonomie. Plaaslike owerhede beskik oor sekere gedelegeerde bevoegdhede wat hulle van die provinsiale owerheid ontvang en waardeur hulle oor sekere aangeleenthede 'n eie oordeel kan fel en 'n outonome beleid kan formuleer. In dié opsig is elke raad feitlik uniek in sy werkverrigting. Daar moet in gedagte gehou word dat 'n raad die bogenoemde bevoegdhede verkry het om oor plaaslike aangeleenthede te besluit en hierdie besluite uit te voer.[197]

Die volgende aanhalings uit die Transvaalse Plaaslike Bestuursordonnansie, Ordonnansie no. 17 van 1939, staaf hierdie bogenoemde uitgangspunte:

Artikel 6(1): "Die rade van munisipaliteite wat wettig ingestel is voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie ... word beskou as stadsrade ... en die lede daarvan moet verkies word ... en sulke rade is 'n afsonderlike liggaam met regspersoonlikheid en ewigdurende opvolging."

Artikel 24: "Behalwe soos anders bepaal ... moet alle handelinge, sake of dinge wat gemagtig is of deur die raad verrig word ... verrig en beslis word deur die meerderheid van die raadslede teenwoordig op enige vergadering waarop minstens die helfte van die raadslede ... teenwoordig is."[198]

---

197 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie*** ..., p.81.

198 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 96-105, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.83-86(a).

e) **Munisipale verordeninge en besluite.**

Verordeninge van munisipale rade het dieselfde wetskrag as Parlementswette en provinsiale ordonnansies. 'n Oortreding van die munisipale verordeninge is strafbaar. Ordonnansies bepaal die wyse waarop verordeninge opgestel en goedgekeur moet word.

Ordonnansies in Transvaal bepaal dat 'n raad geen verordeninge mag aanvaar, wysig of herroep, indien daar nie 21 dae voor die beoogde vergaderdatum waar die bogenoemde besluite geneem gaan word, kennis daarvan gegee is nie. Hierdie kennisgewing moet in die **Offisiële Koerant** van die provinsie van Transvaal gepubliseer word, asook in 'n nuusblad wat deur die munisipaliteit versprei word. Die kennisgewing moet ook by die raad op 'n kennisgewingbord of hoofdeur aangebring word. Indien 'n raad die beoogde wysiging of herroeping van die betrokke konsepverordening aanvaar, moet dit aan die Administrateur vir goedkeuring voorgelê word. Die plig van die Administrateur lê dan daarin om seker te maak dat die verordening nie met enige provinsiale ordonnansie of regulasie in stryd is nie. As die Administrateur die bepaalde verordening goedkeur moet dit weer in die **Offisiële Koerant** gepubliseer word, voordat dit van krag word. Die munisipale raad betaal vir die publikasie van sodanige verordening.

Uit hierdie uiteensetting is dit duidelik dat 'n raad nie eensydig en willekeurig verordeninge kan instel en of herroep nie.

Die Administrateur kan egter ook standaard konsepverordeninge laat opstel. Hierdie standaard verordeninge kan net so deur enige raad aanvaar word of na gelang van plaaslike omstandighede wysig. Die Administrateur kan egter ook enige verordening van 'n plaaslike owerheid herroep of wysig. Hy moet egter die betrokke raad van sy voorneme in kennis stel en sy redes vermeld. Die Administrateur kan egter ook enige nuwe verordening vir 'n munisipaliteit proklameer.[199]

Deur verordeninge op te stel oor alle sake wat 'n raad raak, word gepoog om die gemeenskap te beskerm en die omgewing te bewaar. Die doel van die verordeninge is om riglyne te bied waarvolgens 'n plaaslike owerheid funksioneer.

---

199 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 96-105, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.83-86(a).

**f) Prosedure by raadsvergaderings.**

Volgens provinsiale ordonnansies word sekere voorskrifte en prosedure vir raadsvergaderings neergelê. Die raad hou vergaderings so dikwels as wat dit nodig is, maar moet ten minste een maal per maand vergader. Spesiale raadsvergaderings kan belê word, maar dit moet deur 'n skriftelike kennisgewing bekend gemaak word. Die rede vir die vergadering moet ook vermeld word. Raadslede moet ten minste 24 uur voor 'n vergadering die kennisgewing van 'n raadsvergadering ontvang. Raadsvergaderings is vir die publiek en pers toeganklik, die komiteevergaderings uitgesluit. 'n Kworum word vereis vir 'n vergadering om voort te gaan en die meerderheid van die raadslede moet teenwoordig wees. Wanneer 'n besluit tot stemming gebring word het die voorsitter, behalwe waar dit anders bepaal word, 'n tweede of 'n beslissende stem, indien daar 'n staking van stemme is.

Elke vergadering moet genotuleer word. Die notule moet tydens die daaropvolgende vergadering deur die voorsitter bekragtig en onderteken word. Uit raadsgeledere kan sub-komitees benoem word. Elke komitee moet egter aan die raad oor hulle verrigtinge verslag lewer. Elke raadslid moet ten minste op een sub-komitee dien. Raadslede moet verlof vra om tydens raadsvergaderings afwesig te wees. 'n Raad se vergaderings word as behoorlik geag, tensy die teendeel bewys kan word.[200]

In Transvaal word die vergaderingsprosedure volgens die Standaard Reglement van Orde gereël. Daarin word onder meer vir die volgende aspekte voorsiening gemaak:

- die verdaging van 'n vergadering indien 'n kworum nie teenwoordig is nie;
- 'n register wat deur die lede wat teenwoordig is, geteken moet word;
- die volgorde waarin die items op 'n sakelys van 'n gewone en spesiale raadsvergadering geplaas moet word;
- die wyse waarop versoekskrifte ingedien moet word;
- die wyse waarop afvaardigings ontvang moet word;
- die wyse waarop raadslede vrae mag vrae en beantwoord moet word;
- voorskrifte oor die gedrag van raadslede tydens vergaderings;

---

200 J.J.N. Cloete, ***Munisipale regering en administrasie*** ..., pp.77-79.

- die voorgeskrewe stappe wat die voorsitter van die raad mag neem om 'n vergadering ordelik te laat verloop;

- die wyse waarop stemming oor sake moet plaasvind.

- die vryheid van spraak wat raadslede tydens vergaderings geniet.[201]

Vereeniging Stadsraad se vergaderingsprosedure word ook ingevolge die bogenoemde verordeninge en die Reglement van Orde gehou. Die tipe en aantal vergaderings wat sedert 1939 gehou is, is in bylae E saamgevat.[202]

Behalwe hierdie vergaderings wat deur die Stadsraad van Vereeniging in belang van die gemeenskap gehou word, word die kontak met die gemeenskap ook deur middel van openbare skakeling bewerkstellig. Hierdie aspek word in die volgende afdeling bespreek.

## *6.4.3 OPENBARE SKAKELING*

In hierdie afdeling word twee aspekte van openbare skakeling met die gemeenskap beskryf.

### 6.4.3.1 SKAKELING MET DIE GEMEENSKAP

Openbare skakeling van 'n plaaslike bestuur met sy gemeenskap kan verskeie vorme aanneem soos byvoorbeeld verteenwoordiging van raadslede op openbare liggame, reëlings in verband met feesvieringe, die aanbieding van burgerlike funksies en die aanwysing van ereburgers.

Die volgende oorsig bied 'n beeld van sommige hoogtepunte van die openbare skakeling van Vereenigingse Stadsraad.

Die raad en die gemeenskap het byvoorbeeld gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesamentlik aan fondsinsamelingsprojekte gewerk. 'n Bedrag van £48,363 is in hierdie tydperk ingesamel en in die Goewerneur-generaal se Nasionale Oorlogsfonds gestort.[203] In 1947 het die raad die inisiatief geneem om alle oorlogsveterane van die 1899-1902 Anglo-Boereoorlog, met 'n funksie in Vereeniging te trakteer. Die raad se motief vir die funksie

---

201 Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Ordonnansie op Plaaslike Bestuur", no. 17 van 1939, artikels 20-32, Provinsie Transvaal, ***Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal***, pp.13-17.

202 Kyk bylae E, pp.509 e.vv.

203 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1941/42.

was om hierdie oorlogsveterane in die dorp waar die samesprekings vir vredesluiting plaasgevind het, byeen te bring. Hierdie funksie is deur sowat 1 200 mense bygewoon.[204]

'n Blomtuinwedstryd wat gedurende 1949/50 vir die eerste keer gereël is het groot byval gevind. Dit was 'n poging van die raad om die gemeenskap in die verfraaiing van die dorp te betrek. Die raad het ook aan die Vereeniging Tuinbouvereniging 'n bedrag van £90 vir hierdie doel geskenk.[205]

Die Van Riebeeckfees in 1952 is deur die Vereenigingse gemeenskap as 'n uitsonderlike feesgeleentheid ervaar. Die program vir die plaaslike feesvierings is deur 'n komitee saamgestel waarvan die burgemeester, raadslid H.W. Kruger, die voorsitter was. Op 23 Januarie 1952 is byvoorbeeld 'n middagfunksie in Vosloopark gereël waaraan al die plaaslike skole deelgeneem het. Op die 24ste Januarie het die poskoets vanaf Bloemfontein in Vereeniging aangekom. Die aand van die 24ste is 'n funksie in Presidentpark gehou, waar historiese voorstellings vir die publiek aangebied is. Tydens hierdie feesvieringe is Van Riebeeckpark ook amptelik geopen. Hierdie feesvieringe het aan die gemeenskap van Vereeniging die geleentheid gebied om aan die nasionale doelwit van die fees, naamlik "Ons bou 'n nasie", deel te neem.[206]

Die raad het ook die nodige reëlings getref sodat die gemeenskap saam met die res van die land aan Republiekwordingsfeesvieringe op 31 Mei 1961 kon deel. Die raad het op 30 Mei 1961 tydens 'n spesiale raadsvergadering 'n onbestrede mosie van hulde en gelukwensing aan die Staatspresident en Eerste Minister goedgekeur. Op 10 Oktober 1961 het dr. H.F. Verwoerd die Vryheidsmonument in Vereeniging onthul, wat 'n verdere hoogtepunt vir die gemeenskap was.[207]

Op 27 April 1962 het die Vaalrivier Regiment tydens 'n kleurvolle seremonie die vryheid van toegang tot Vereeniging ontvang. 'n Film is ook tydens hierdie geleentheid gemaak.[208]

In 1964 het die Raad van Randse Munisipaliteite 'n voorstel aanvaar om 'n liefdadigheidsfonds vir die Burgemeestersvrou te skep. Die Stadsraad van Vereeniging het by hierdie besluit ingeval en byvoorbeeld gedurende die 1964/65 ampsjaar 'n bedrag van R6 170,00 ingesamel. Hierdie geld is gebruik om Kersfeesgeskenkbewyse ter waarde van R4,00 aan 500 behoeftige persone in die gemeenskap te gee, asook om 'n aantal

---

204 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1946/47.

205 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1949/50.

206 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1951/52.

207 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, Oktober 1960 - Februarie 1962.

208 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag 1962/63.

Kersgeskenke onder behoeftiges te versprei. Die voordeel van hierdie liefdadigheidsfonds wat deur die raad vir die gemeenskap geskep is, is allerweë verwelkom.[209]

Gedurende Oktober 1967 is die 75ste bestaansjaar van Vereeniging met talle feesverrigtinge gevier. Die gemeenskap kon aan alle aktiwiteite wat gereël was deelneem.[210]

Gedurende 1970/71 is die gemeenskap by verskeie aktiwiteite betrek, wat onder patronaatskap van die raad plaasgevind het. Die volgende komitees is gestig om verskeie feesvierings te reël: die 1970-Lenteloopkomitee ; die 1970-Waterjaarkomitee en die 1971-Republiekfeeskomitee. Die plaaslike Suiderkruisfondsinsamelingskomitee is ook weer ingestel om geld en geskenkpakkies vir die polisie- en weermagmanne wat grensdiens verrig het, in te samel. In 1970 is ook Bybeljaar gevier en raadslid Eben Combrink, die burgemeester, het byvoorbeeld 300 Bybels onder die Portugese- en Indiërgemeenskappe van Vereeniging versprei.[211]

Die Stadsraad van Vereeniging het in 1959 'n beursleningsfonds gestig, waaruit jaarliks studielenings vir hoër onderwys toegeken is. Studente wat vir hierdie beurs in aanmerking kon kom moes hul matrikulasie eksamen aan 'n plaaslike hoërskool afgelê het en moes in die munisipale gebied van Vereeniging gewoon het. Volgens raadslid D.H. Botha het die raad in die loop van 14 jaar lenings aan 155 studente toegestaan, waarvan 66 studente reeds hul studies voltooi het. Hierdie studente het hul kwalifikasies in verskeie beroepsrigtings behaal, byvoorbeeld: ingenieurswese, onderwys, wetenskap, medies, biblioteekwese, tandheelkunde, teologie, handelswese, elektronika, fisika, chemie, musiek, aptekerswese, sosiale wetenskappe, regte, spraakterapie, perswetenskap en veeartsenykunde.[212]

In Maart 1974 het die Vereenigingse Stadsraad ook 'n helpende hand na vloedgeteisterde gebiede in die Noord-Kaap en Suid-Vrystaat uitgereik. 'n Noodfonds is gestig waarna 'n bedrag van R1 500 deur die raad in hierdie fonds oorbetaal is. Hierdie bedrag is deur skenkings uit die gemeenskap tot 'n bedrag van R11 855 aangevul. Die Noodfonds is aan 'n landswyefonds oorbetaal, waarna dit onder die betrokke gemeenskappe versprei is.[213]

Op 14 Februarie 1976 het die stadsraad vir die tweede keer die vryheid van die dorp aan 'n militêre eenheid toegeken. Vereeniging Kommando het op hierdie dag die vryheid ontvang om tydens sekere geleenthede met gevelde bajonette, trompetgeskal en ontblote vaandel

209 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1964/65.

210 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1967/68.

211 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1970/71.

212 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1972/73.

213 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1974/75.

deur Vereeniging se strate te mag marsjeer.[214] Gedurende 1986 het die Regiment Overvaal ook vrye toegang tot Vereeniging verkry.[215]

Tydens 'n pretdraf wat in 1988 deur die Burgemeester gereël is, is 1 287 inskrywings ontvang. Hierdie pretdraf het 'n wins van R4 081 vir liefdadigheid ingebring. Die volgende organisasies het byvoorbeeld gedurende hierdie ampsjaar skenkings van die raad ontvang:

| Skenkings | |
|---|---|
| Kinder en Gesinsorgvereniging | R1 000,00 |
| Vereeniging vir Liggaamlik Gestremdes | R1 000,00 |
| Wide Horizon Hospice Association | R500,00 |
| Dierebeskermingsvereniging | R500,00 |
| Nuwe Avondrus Dienssentrum | R500,00 [216] |

Die Burgemeester van Vereeniging staan gewoonlik in die brandpunt van openbare skakeling met die gemeenskap. Van 'n burgemeester word verwag om verskeie funksies in sy/haar ampstermyn te reël en by te woon. Gedurende die 1991/92 ampsjaar van raadslid Mary Hoogenhout as burgemeester en raadslid Carel Kleynhans as onderburgemeester het hulle 346 funksies bygewoon, waarvan 90 funksies buite die grense van Vereeniging was. Raadslid Hoogenhout se tema vir haar ampsjaar was "Reik Uit" en "Betrokkenheid". Haar doel was om soveel as moontlik mense en groepe te ontmoet en te onthaal, om sodoende te demonstreer dat die Stadsraad van Vereeniging vir die gemeenskap omgee. Ten einde hierdie doel te bereik is verskeie besoeke aan groepe, instansies, en organisasies gebring. Sy het ook etes en onthale na raadsvergaderings aangebied, bustoere gereël, funksies, vergaderings, herdenkings- en feesgeleenthede van die verskillende bevolkingsgroepe in die gemeenskap bygewoon, fondsinsamelingsprojekte geloods en les bes die eeufeesjaar met 'n deftige bal op 31 Desember 1991 ingelei.[217]

## 6.4.3.2 EREBURGERS

Sedert dorpstigting het die Stadsraad van Vereeniging reeds vyf ereburgers aangewys. Ereburgerskap word aan 'n persoon toegeken op grond van die diens wat so 'n persoon aan die gemeenskap gelewer het. Hierdie toekenning van 'n plaaslike owerheid word kragtens

214 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1975/76.

215 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1986/87.

216 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1987/88.

217 Stadsraad van Vereeniging, Burgemeestersverslag, 1991/92.

die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, no. 17 van 1939 gemaak. Op gesag van hierdie ordonnansie is die volgende toekennings gemaak:

- **Kolonel K. Rood**

  Ereburgerskap is op 18 September 1961 aan kol. Kallie Rood toegeken. Hierdie ereburgerskap is op grond van kol. Rood se lang en uitsonderlike diens wat hy aan die dorp en gemeenskap van Vereeniging gelewer het, toegeken.

  Kol. Rood se openbare loopbaan het in 1918 met sy verkiesing as raadslid begin. Gedurende hierdie jaar is hy ook as onderburgemeester verkies. In sy pakkende openbare loopbaan het hy onder meer meegehelp dat Vereeniging as afsonderlike magistraatsdistrik, parlementêre kiesafdeling, asook militêre en polisie distrik verklaar is. Hy het ook bekendheid verwerf vir die onverpoosde ywer waarmee hy Vereeniging se industriële-ontwikkeling bevorder het. Hy het USKO se voortbestaan beskerm deur samewerking tussen YSKOR en USKO te bewerkstellig, nadat die Yskorwerke op Vanderbijlpark opgerig is. Hy was ook by die stigting van die African Metals Corporation en die South African Farm Implement Manufacturers (SAFIM) betrokke. Kol. Rood het ook op die direksies van African Cables en McKinnon Chain gedien. Kol. Rood was ook by die onderhandelings vir die oprigting van 'n kragstasie by Vereeniging en die ontwikkeling van die Vaaldam betrokke. Hy het ook as voorsitter van die Fondsinsamelingskomitee vir die bou van 'n hospitaal gedien en het later die hoeksteen van die hospitaal gelê. Hy het ook 'n bydrae op sportgebied in die gemeenskap gelewer, deur self aan rugby en tennis deel te neem en as president of vise-president van verskeie sportorganisasies op te tree.[218]

- **S. Fourie**

  Op 19 Oktober 1972 is ereburgerskap aan S. Fourie op grond van die diens wat hy aan Vereeniging gelewer het, toegeken. Sy bydrae het veral op die terreine van die bevordering van sport en die verbetering van geriewe vir bejaardes gelê.

  S. Fourie is op 30 Oktober 1935 as raadslid verkies, 'n Amp wat hy tot 1950 beklee het. Hy is sewe keer as burgemeester van Vereeniging verkies. Hy het veral 'n groot rol in die uitruiling van grond tussen die stadsraad en Vereeniging States gespeel. Deur sy bemiddeling het die dorpsgebied Duncanville ontstaan. Hy het ook meegehelp om die benaming van Vereeniging se hoofstraat van Mainstraat na Voortrekkerstraat te verander. Hy was ook vir die reëling van 'n reünie van oud-stryders uit die Vryheidsoorlog en die oprigting van die Vryheidsmonument

218 Town Council of Vereeniging, Minutes, June 1961 - September 1961, vol. 152: special Town Council meeting, 18 September 1961.

verantwoordelik. Op sportgebied het S. Fourie Vereeniging en Heidelberg op tennisgebied verteenwoordig. Deur sy toedoen is verskeie sportfasiliteite in Vereeniging verbeter, wat tot die stigting van die Vereeniging Amateursportunie in 1933 gelei het. Ter erkenning van sy bydrae op sportgebied in die gemeenskap is die Dick Fouriestadion na hom vernoem.[219]

- **A.J. Botha**

Ereburgerskap is op grond van Skippie Botha se onderbroke en voortreflike 30-jarige gemeenskapsdiens aan Vereeniging toegeken. Hierdie toekenning is op 'n spesiale raadsvergadering van 26 November 1981 aan hom oorhandig.

A.J. Botha het veral op die volgende gebiede diens aan die gemeenskap gelewer: as onderwyser, raadslid, voorsitter van die Bestuurskomitee, burgemeester en lid van die Provinsiale Raad. Hy het op die Vaaldriehoekse Technikon Raad en die Raadsontwikkelingskomitee van die Vaalriviertak van die PU vir CHO gedien. Deur sy toedoen is die Studieleningsfonds van die Stadsraad van Vereeniging in 1959 gestig. Hy het 'n groot bydrae ten opsigte van behuisingsprogramme vir alle bevolkingsgroepe in Vereeniging gelewer. Sy bydrae het indirek tot die stigting van die dorpsgebiede Sonlandpark, Leeuhof, Homer en Steelpark gelei. Die oprigting van Sonhof- en Mimi Fouriehofwoonstelle is ook bakens van sy ywer. Op kultuurgebied het sy bemoeienis tot die stigting van die Vereenigingse Museum gelei. Hy het ook as die voorsitter van die eerste tak van die Historiese Genootskap van Vereeniging en van die Publisiteitskomitee, wat in 1960 gestig is, opgetree. Skippie Bothapark aan die oostelike ingang van Vereeniging asook Skippie Bothaweg in Sonlandpark, is na hierdie ereburger vernoem.[220]

- **F.W. de Klerk**

Ereburgerskap van Vereeniging is op 25 November 1990 aan mnr. F.W. de Klerk toegeken. Hierdie toekenning spruit uit mnr. De Klerk se jarelange diens aan die Vereenigingse gemeenskap, wat hy in sy hoedanigheid as oud-inwoner, as voormalige Volksraadslid vir die kiesafdeling Vereeniging, en as minister gelewer het.

---

219 Town Council of Vereeniging, Minutes, July 1972 - October 1972, vol. 262: special Town Council meeting, 19 October 1972.

220 Town Council of Vereeniging, Minutes, August 1981 - February 1982, vol. 360: special Town Council meeting, 26 November 1981.

Hy is ook in sy hoedanigheid as staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika vereer.[221]

♦ **M.L. Milani**

Op 28 November 1992 is ereburgerskap aan dr. M.L. Milani toegeken, op grond van die leidinggewende diens wat hy op verskeie terreine aan die gemeenskap van Vereeniging lewer. Dr. Milani lewer diens aan die gemeenskap deur 'n leidende rol in verskeie organisasies en verenigings te speel. Hy is 'n alombekende Chiropraktisyn wat ook aandele in ander besighede en eiendomme besit. Mario Milani is gedurende 1972 as raadslid en in 1973 tot die Bestuurskomitee verkies. In die munisipale verkiesings van 1977, 1981 en 1988 is hy telkens herverkies. Sedert 1973/74 tree hy as voorsitter van die Bestuurskomitee op. Hy dien ook as die onder-voorsitter van die Vaaldriehoek Streekdiensteraad, vanaf die instelling van hierdie raad in 1987. M.L. Milani het ook as 'n lid van die Vaal River Guide Plan Committee van 1977 en die State Committee on Urban Renewal van 1979 gedien. Hy het ook op nagenoeg 30 ander komitees gedien. Dr. M.L. Milani het ook 'n groot bydrae in die beplanning en bestuur van die Stadskouburg in Vereeniging gelewer. Sedert 1977 dien hy as die voorsitter van die Stadskouburgkomitee. Dr. Milani het ook 'n groot rol in burgerlike projekte gedurende die afgelope 20 jaar gespeel. In 1988 het hy die titel Raadsheer van die Vereenigingse Stadsraad ontvang.[222]

## 6.5 VAALDRIEHOEK STREEKDIENSTERAAD

Die sentrale regering het sedert die sestigerjare, na ontvangs van die Brockenhagenkommissie van Ondersoek se verslag insake die finansiële verhouding tussen die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede, oorweging aan die voorstel gegee om Streekdiensterade in die lewe te roep. Hierdie kommissie asook die latere Schumannkommissie het die behoefte aan die regionalisering ten opsigte van basiese dienste uitgewys. In die begin van die tagtigerjare het die Brownekommissie van Ondersoek na die finansies van plaaslike owerhede in Suid-Afrika 'n aanbeveling ten opsigte van gesamentlike diensrade voorgestel. Die latere Croeserwerkgroep asook die Presidentsraad het die konsep van gesamentlike diensstrukture vir plaaslike owerhede aanvaar en aanbeveel.[223] Hierdie

221 Town Council of Vereeniging, Minutes, July 1990 - February 1991, vol. 430: special Town Council meeting, 2 November 1990.

222 Town Council of Vereeniging, Minutes, March 1992 - February 1993, vol. 443: extract from the minute of the Town Council meeting, 30 July 1992.

223 Suid-Afrika (Republiek), Direkteur-generaal Finansies, ***Verslag van die Croeser-werkgroep insake die verslag van die Komitee van Ondersoek na die finansies van plaaslike besture in Suid-Afrika***, pp.4 e.vv.

verslae is aan die Koördinerende Raad vir plaaslike bestuur voorgelê, wat uiteindelik tot die aanstelling van 'n Tegniesekomitee gelei het, wat oor die lewering van streekdienste verslag gelewer het. Die resultaat van hierdie bogenoemde ondersoeke was dat die betrokke wetgewing en regulasies opgestel is wat Streekdiensterade moontlik gemaak het.[224]

Die instelling van Streekdiensterade het volgens die Wet op Streekdiensterade, Wet 109 van 1985 geskied.[225] Die doel van hierdie rade was om samewerking op politieke en ekonomiese terreine, asook ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling op 'n streeksbasis te verkry. Die volgende doelwitte word deur hierdie rade nagestreef: die verbreding van demokratiese politieke proses in Suid-Afrika; die uitskakeling en voorkoming van oorheersing van enige groep oor die ander; die uitskakeling van diskriminasie op grond van ras, kleur en geloof; die voorsiening van plaaslike owerheidsdienste op 'n koste-effektiewe basis; en die ontwikkeling van addisionele finansiële bronne op plaaslike owerheidsvlak ten einde gemeenskapsontwikkeling te bevorder.[226]

Op grond van hierdie wetgewing het die Vaaldriehoek Streekdiensteraad op 13 Oktober 1987 tot stand gekom. Die volgende plaaslike owerheidsliggame van die Vaaldriehoek, word op hierdie Streekdiensteraad verteenwoordig.

**DEELNEMENDE OWERHEIDSLIGGAME**

**Munisipaliteite**

- Boipatong
- Bophelong
- Evaton
- Meyerton
- Randvaal
- Sebokeng
- Sharpeville
- Vanderbijlpark
- Vereeniging

224 Vaaldriehoek Streekdiensteraad, ***Openingsrede deur mnr. W.A. Cruywagen, administrateur van Transvaal, by die eerste formele vergadering van die Vaaldriehoek Streekdiensteraad te Vereeniging*** (ongep. openingsrede, Vereeniging, 13 Oktober 1987), p.1.

225 E.J. Shamley, ***Die invloed van staatkundige ontwikkeling op die organisatoriese reëlings vir plaaslike owerhede in die Republiek van Suid-Afrika, 1910-1986*** (ongep. M.A.-verhandeling, UPE, 1987), p.249.

226 E.J. Shamley, ***Die invloed van staatkundige ontwikkeling*** ..., pp.252,253.

| |
|---|
| **Plaaslike Gebiedskomitees**<br><br>De Deur<br>Noordvaal<br>Vaal Marina<br>Vaaloewer<br>Walkerville<br><br>**Bestuurskomitees**<br><br>Roshnee<br>Rust-ter-Vaal[227] |

Streekdiensterade se oogmerk om addisionele inkomstebronne op plaaslike owerheidsvlak daar te stel het tot die ontginning van die volgende bronne gelei: heffings vir die lewering van dienste aan die deelnemende owerheidsliggame, heffings wat uit die dienslewering aan ander plaaslike owerhede op 'n agentskapsbasis verkry word; streekdiensteheffings en streekvestigingsheffings.[228] Die Vaaldriehoek Streekdiensteraad se hoofbronne van inkomste is streekdiensteheffings en streekvestigingsheffings.[229]

Volgens bylae twee van die bogenoemde wet op Streekdiensterade van 1985, is hierdie rade met die volgende funksies belas:

227 G.G. du Toit, "Samestelling en werksaamhede van die Vaaldriehoek Streekdiensteraad", Suid-Afrikaanse Vereeniging vir Kultuurgeskiedenis, Transvaalse Streektak, ***Mens en nywerheid*** (ongep. referaat gelewer tydens vyfde streekskonferensie en algemene jaarvergadering, Vereeniging, 6 Maart 1992), p.93.

228 E.J. Shamley, ***Die invloed van staatkundige ontwikkeling*** ..., pp.262,263.

229 G.G. du Toit, "Samestelling en werksaamhede van die ...", p.95.

| Die funksies van Streekdiensterade |
|---|
| ▲ Grootmaat watervoorsiening |
| ▲ Grootmaat elektrisiteitsvoorsiening |
| ▲ Rioolsuiweringswerke en hoofrioolafvoergeleidings |
| ▲ Grondgebruik en vervoerbeplanning in die streek |
| ▲ Paaie- en vloedwaterdreinering |
| ▲ Passasiersvervoerdienste |
| ▲ Verkeersaangeleenthede |
| ▲ Slagpale |
| ▲ Varsproduktemarkte |
| ▲ Vullisstortingsterreine |
| ▲ Begraafplase en krematoriums |
| ▲ Ambulans en brandweerdienste |
| ▲ Gesondheidsdienste |
| ▲ Lughawens |
| ▲ Burgerlike beskerming |
| ▲ Biblioteke |
| ▲ Museums |
| ▲ Ontspanningsgeriewe |
| ▲ Omgewingsbewaring |
| ▲ Bevordering van toerisme |
| ▲ Die instelling, verbetering en instandhouding van ander infrastruktuurdienste en -fasiliteite en |
| ▲ Ander streeksfunksies soos deur die betrokke provinsie se administrateur bepaal is.[230] |

Ten einde hierdie bogenoemde dienste in 'n streek te lewer word veral klem op die bepaling van prioriteite vir die verbetering, instandhouding en vestiging van dienste gelê. Vanaf die ontstaan van die Vaaldriehoek Streekdiensteraad in 1987 tot en met die boekjaar 1991/92, is reeds R91 809 346,66 aan verskillende projekte in die streek toegeken. Alle deelnemende liggame op die Vaaldriehoek Streekdiensteraad dien jaarliks versoeke vir finansiering van projekte in hulle gebiede in. Die toekennings word ook op twee wyses gefinansier, naamlik nie-terugbetaalbare voorskotte en terugbetaalbare voorskotte.[231] Die volgende toekennings is in die genoemde tydperk aan deelnemende liggame vir 'n verskeidenheid van projekte en dienste gemaak:

**Toekennings op streeksvlak**

| | |
|---|---|
| Paaie en Stormwater | R39 395 443,61 |
| Water en Riolering | R16 328 713,88 |
| Elektrisiteit | R13 302 409,00 |
| Straatverligting | R7 282 283,01 |
| Gemeenskapsdienste | R6 901 647,16 |
| Vaste Afvalhantering | R2 428 750,00 |

230 E.J. Shamley, ***Die invloed van staatkundige ontwikkeling*** ..., pp.268,269.

231 G.G. du Toit, "Samestelling en werksaamhede van die ...", pp.94,95.

**Toekennings aan deelnemende liggame**

| | |
|---|---|
| Evaton | R22 020 685,74 |
| Lekoa | R17 070 220,81 |
| Vanderbijlpark | R10 624 740,42 |
| Meyerton | R10 084 580,87 |
| Stretford | R8 716 000,00 |
| Vereeniging | R6 858 000,00 |
| Randvaal | R528 085,22 |
| Algemene streek gemeng | R3 380 000,00 |
| Noordvaal | R2 775 000,00 |
| Walkerville | R1 783 750,00 |
| Rust-ter-Vaal | R1 742 460,56 |
| Roshnee | R986 875,40 |
| Landelike gebiede gemeng | R946 000,00 |
| De Deur | R897 192,04 |
| Vaaloewer | R230 000,00 |
| Vaalmarina | R145 665,60 |

Die volgende projekte is reeds deur die Vaaldriehoek Streekdiensteraad gefinansier:

- Die bou en opgradering van Boundary- en Hemiltonweg in Evaton ten bedrae van R6,35 miljoen.
- Die verbetering van die brandweerdiens in Meyerton ten bedrae van R2 495 miljoen.
- Die voorsiening van ligtediens brandweereenhede vir landelike gebiede ten bedrae van R277 000,00.
- Die voorsiening van brandweerwaens aan Evaton en Lekoa ten bedrae van R746 852,00.
- Die voorsiening van 'n waterskema vir Noordvaal ten bedrae van R2,7 miljoen.
- Die voorsiening van verbindingspaaie en waterreservoirs in Stretfordgebied ten bedrae van R6,05 miljoen.
- Die beplanning en aanvang met die ontwikkeling van streekstortingsterreine ten bedrae van R2,1 miljoen.
- Die verligting van die verbindingspad tussen Vanderbijlpark en Vereeniging ten bedrae van R3,44 miljoen.
- Die oprigting van Vaal Teknorama, 'n streeksmuseum, ten bedrae van R5 miljoen.

Verskeie ander kleiner projekte is ook deur die Vaaldriehoek Streekdiensteraad aangepak, gefinansier en met sukses voltooi.[232]

Die Administrateur het Vereeniging as die setel vir die vestiging van die Vaaldriehoek Streekdiensteraad aangewys. Die Streekdiensteraad se administrasie word deur die volgende personeel uitgevoer: 'n Hoof Uitvoerende Beampte, 'n Bestuurder Administrasie en Bestuurder Tegnies (Siviel) en hul eie personeel. Alle ander personeel word op 'n voltydse agentskapsbasis deur Vereeniging Stadsraad aan die Vaaldriehoek Streekdiensteraad voorsien.[233]

Die Vaaldriehoek Streekdiensteraad lewer dus 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van alle betrokke plaaslike owerhede in die Vaaldriehoek.

## 6.6 GEVOLGTREKKING

Plaaslike bestuursontwikkeling het na 1912 hand aan hand met dorp se ontwikkeling in omvang en status uitgebrei. Die administratiewe setel van die stadsraad is stewig gevestig en die raad het volgens die multi-komiteestelsel, wat uit 'n aantal staandekomitees en sub-komitees bestaan het, gefunksioneer. Die ontwikkeling van die stadsraad het van krag tot krag gegaan. Vanaf 1912 is 'n plaaslike owerheidstelsel in Vereeniging geskep wat die dorp tot eer strek. Die implikasies van Grootstadstatus vir die Stadsraad van Vereeniging en die gemeenskap is dat die raad meer outonome reg het om besluite te neem, sonder om eers die Provinsie se toestemming te verkry. Die verkryging van hierdie regte en outonomiteit sal die raad ook beter in staat stel om take en projekte gouer af te handel, tot voordeel van die stad se belastingbetalers.[234]

---

232 G.G. du Toit, "Samestelling en werksaamhede van die ...", pp.96-99.

233 G.G. du Toit, "Samestelling en werksaamhede van die ...", pp.100,101.

234 *Vaalweekblad*, 8 Mei 1992: berig.